

GESKIEDENIS VIR SUID-AFRIKA.

solank soos 'n direkte opvolger ontbreek het, en één goed-gemikte skot sy hele lewenswerk met sy dood in duie kon laat val, het hom al lank daaraan laat dink om 'n ander vrou, en wel van die hoogste rang, Josephine se plek te laat inneem. In Erfurt het hy Alexander direk om die hand van een van sy susters gevra, maar die tsaar het 'n ekskuus gevind en die lastige aansoek opsy geskuiwe. Na Wagram was dit vir Napoleon egter betreklik maklik om met die keiser van Oostenryk 'n skikking te tref, waarvolgens sy agtienjarige dogter, Marie Louise, aan die oorwinnaar as vrou sou gegee word.

In samewerking met die hoogste geestelikes van Parys het die Franse Senaat deur 'n formele besluit Josephine, wat met waardigheid in haar lot berus het, van haar man geskei, en op 2 April 1810 het die huwelik van Napoleon met „die dogter van die Caesars” in Parys plaasgevind. 'n Seuntjie is die volgende jaar gebore en Metternich, die groot Oostenrykse staatsman, van wie ons nog meer sal hoor, het van Wene oorgekom om by 'n ope venster van die keiserlike paleis vóór die oë van die juigende Parysenaars die heildronk op die jong „Koning van Rome” in te stel.

§ 3. Die Ster verbleek.

Wanneer Napoleon die toppunt van sy loopbaan bereik het, is 'n vraag waaroor geargumenteer kan word. Dis egter seker dat, as ons vandag op die vyandelike kragte let wat van die begin af teen hom was, of wat sy eie politiek verwek het, sy katastrofiese val onvermydelik moes plaasvind. Selfs toe die monumentale, imperialistiese gebou, wat sy duislingwekkende genie geskep het, nog in volle glans en glorie geskitter het, was die fundamente van sy mag reeds ondermyn.

Napoleon se onvermoë om Engeland met die wapens te verslaan was die grondoorsaak van sy ondergang, en dat die eilandvolk in staat was om die see totaal te beheer en die stryd teen die hele Europa so lank uit te rek, was die gevolg, nie alleen van Nelson se oorwinnings nie, maar meer nog van Engeland se gunstige geografiese ligging, asook van dié taaie volharding wat 'n kenmerk van die Engelse ras is, en van 'n groot ekonomiese omwenteling, waaraan ons later ons aandag sal gee, maar waarvan ons hier reeds moet sê dat dit die rykdom van Engeland geweldig laat toeneem het. Na Trafalgar was daar net één wapen vir Napoleon oor teen die onversoenlike vyand aan die ander kant van die Britse Kanaal — die groot Europese handelsblokkade: maar dit was op slot van sake 'n wanhoopsmaatreël.

NAPOLEON BONAPARTE.

Napoleon het 'n groot fout begaan, toe hy die Engelse 'n „winkeliersvolk” genoem het. Die ekonomiese omwenteling waarvan melding gemaak is, het Groot-Brittanje in 'n industrieland verander, en Europa, Frankryk inkluis, kon op die langduur nie sonder die Britse fabrieksware klaarkom nie. Die „kontinentale sisteem” was dus 'n twee-snydende swaard, en die Engelse antwoord daarop, die sogenaamde *Orders in Council*, het die nadelige gevolge van Napoleon se handelspolitiek vir die hele Europa verskerp. Die Engelse regering het nl. alle hawens, waar die Britse handel uitgesluit is, as „effektief-geblokkeer” verklaar en sou skepe wat op sulke hawens vaar met lading en al konfiskeer; ook die skepe en produkte van die uitsluitende lande sou as billike buit beskou word; en in die uitvoering van hierdie maatreëls het die Engelse mariene sy aangematigde reg om alle skepe te ondersoek sonder verskoning uitgeoefen.

Frankryk self het nie onmiddellik baie swaar onder die Engelse handelsblokkade gely nie. Inteendeel, die ontsaglike geldsomme en oorlogsbuit, wat die verowerde lande aan Frankryk moes afstaan, en die opbloeit van die Franse industrie, wat as gevolg van Napoleon se oorwinnings nuwe afsetgebiede in Europa kon kry, het aan Frankryk 'n skyn van welvarendheid en voorspoed gegee. Ook die deeglike administrasie van die keiserlike regering het hiertoe bygedra. Daar was geld in die land, en Napoleon het daarvoor gesorg dat die *franc*, die basis van die desimale geldstelsel, wat in 1795 ingevoer was, sy waarde behou het. Die Franse volk het natuurlik die druk van die oorlog gevoel. Die oorsese handel was vernietig, en Oosterse produkte soos koffie, tee, speserye, ens., het baie skaars geword. Ook die onontbeerlike suiker van die Wes-Indiese plantasies was moeilik verkrygbaar, en die Fransman en sy bondgenote is met 'n suur en bitter lewe bedreig. Die wetenskap het egter hier redding gebring, want Franse skeikundiges, deur Napoleon aangemoedig, het die weg aangewys om suiker uit beet te kry en so 'n groot Europese nywerheid in die lewe geroep; maar hierdie uitkoms was slegs 'n druppel in 'n emmer, en die ekonomiese wurgpolitiek van Engeland het veel daartoe bygedra om in die geknegte lande van Europa die nasionale verset teen Franse dwinglandy en onderdrukking aan te wakker en om ook Rusland meer en meer afvallig te maak.

Napoleon was weldra van alle kante deur gevare bedreig. In Portugal en Spanje het die Engelse onder Wellesley groot oorwinnings behaal, en koning Josef was nie meer veilig op sy troon nie. Napoleon het hom intussen nie erg besorg oor die Spaanse aangeleenthede gemaak nie. Met 'n sekere minagting

GESKIEDENIS VIR SUID-AFRIKA.

het hy die taak om vir Wellesley, die latere hertog van Wellington, te stuit aan sy ondergeskiktes oorgelaat, en sy geringskating van die groot Engelse veldheer was skynbaar nie ongegrond nie, want keer op keer moes Wellesley op Lissabon terugval en hom daar agter die sterk verskanste lyne van Torres Vedras skuil hou. Oor die toenemende ontevredenheid van die Nederlanders, wat baie swaar onder die handelsblokkade gely het, was Napoleon nog minder bekommerd. Toe koning Lodewyk dit gewaag het om die Nederlandse belange teen die roekelose politiek van sy broer te verdedig, was hy al dadelik sy kroon kwyt, en in 1810 is die koninkryk Holland op keiserlike bevel eenvoudig by Frankryk ingelyf. Die magtelose afstammeling van die Geuse moes hulle gedwee onderwerp, en toe Napoleon in 1811 Amsterdam, wat na Parys en Rome, tot die derde stad van sy ryk „verhef” is, besoek het, is hy met onderdanige eerbewyse ontvang.

In 1811 het Napoleon in die oë van sy tydgenote sterker as ooit tevore gestaan, en self vas onder die indruk dat sy ster nog hoër sou styg, maak hy hom nou klaar om die afvallige tsaar so verpletterend te verslaan, dat die hele Europa van die onverbiddeleke noodsaaklikheid om sy bevels deur te voer vir goed oortuig sou word. Napoleon het wel self deur die uitreik van sogenaamde lisensies die invoer van Britse ware, waarsonder hy nie kon klaarkom nie, somtyds toegelaat, maar hy kon dit nie gedoog dat iemand anders die enigste wapen wat hy teen Engeland kon gebruik, sou stomp maak nie, en die hoofdoel van sy aanval op Rusland was om die voortbestaan van die Kontinentale Sisteem te verseker. Met 'n leër van 600,000 man, waarin twintig state verteenwoordig was, en wat slegs vir 'n kwart uit gebore Franse bestaan het, trek hy teen die end van Junie 1812 oor die Niemen. Die Pruiise vorm die regtervleuel, die Oostenrykers die linker, terwyl Napoleon self die hoofmag, die kern waarvan sy eie getroue Garde was, in die middel aanvoer. Tsaar Alexander kon skaars 250,000 man op die been bring, maar juis die geweldige oormag van Napoleon het die Russe 'n taktiek laat volg wat vir die vyand noodlottig geword het. Hulle belemmer die optog van die Franse, b.v. by Borodino, maar hulle stel hul nie aan 'n besliste neerlaag bloot nie. Hulle val gedurig terug, en die onmeetlike vlaktes van Rusland was hulle beste verskansing. Selfs Moskou, die ou hoofstad, is prysgegeë, en op 14 September neem Napoleon daar sy intrek in die Kremlin, die historiese setel van die tsaars; maar nes die leë en onherbergsame land aan Napoleon se soldate, wat groten-deels van buit moes lewe, weinig prowiand verskaf het, so ook

het Moskou hulle hooggespanne verwagtings bitter teleurgestel. Die strate was leeg, want die grootste gedeelte van die inwoners het gevlug, en dit blyk weldra dat die stad aan brand gesteeek is. Vier dae lank het die vlamme gewoed, en Napoleon moes magteloos uit die Kremlin die ontsettende verwoesting aanskou. Hy koester eers nog die hoop dat die tsaar gereed sou wees om te onderhandel, maar sy briewe aan Alexander is selfs nie beantwoord nie, en op 18 Oktober het die terugtog begin.

Nou eers is die mislukte veldtog in 'n kolossale neerlaag verander. Die verskriklike Russiese winter tree skielik in, en onder onbeskryflike ontberings en die woeste aanvalle van die vyand, wie se getalsterkte in die tussentyd toegeneem het, vlug die uitgedunde reste van die *grande armée* eindelik ordeloos en verspreid oor die met sneeu en ys bedekte land. Veral na die oorgang oor die Beresiena, waar dit die Russe geluk het om die haastig vervaardigde hout brugge aan brand te steek en duisende vlugtelingen in die vlamme en die yskoue water omgekom het, was die terugtog 'n reddelose *débaclé*, en skaars 'n tiende deel van Napoleon se imposante leër het die grens weer bereik. Hy self het die treurige slottonnele nie meegemaak nie. Onruswekkende berigte uit Parys, waar 'n sameswering aan die broei was, het hom genoodsaak om kort na die tragedie by die Beresiena die opperbevel aan Murat, die koning van Napels, oor te dra, en in alle haas na Frankryk terug te keer.

Die afloop van die Russiese veldtog het Napoleon se prestige onredbaar geknak. Die geloof aan sy onoorwinlikheid was weg, en die onderdrukte volke, wie se seuns by duisendtalle ellendig omgekom het, skep nuwe moed en sien met vertroue uit na die verlossing wat op hande skyn te wees. Veral in Duitsland het 'n onweerstaanbare geesdrif vir die nasionale vryheidsaak opgevlam. Die vorste van die Rynbond, met die koning van Beiere vooraan, het wel nog aan die kant van Frankryk bly staan, en selfs die Oostenrykse regering onder Metternich se leiding was vereers versigtig en lou, maar in Pruise, wat in die tussentyd deur die hervormings van Hardenberg en Von Stein ekonomies en maatskaplik gesond gemaak is, was volk en regering dit eens, dat die bevrydingsuur geslaan het. Uit Berlyn het die groot Duitse filosoof, Fichte, reeds in 1808, in sy inspirerende *Reden an das Deutsche Volk*, die toorn van Napoleon getrotseer en sy stamgenote opgeroep om weer innerlik vry en sterk te word, en in die vernede staat van Frederik die Grote het steeds meer onverskrokke leiers van die nasionale beweging opgestaan. Ons dink aan Theodor Körner, die jong digter-soldaat, wie se verheffende oorlogsliedere, *die Gebed gedurende die Slag*,

GESKIEDENIS VIR SUID-AFRIKA.

Lützow se Stormgejaag, ens., en heldedood blywende vrugte vir sy vaderland afgewerp het; aan Arndt met sy kragtige verse (Der Gott der Eisen wachsen liess, der wollte keine Sklaven), waarin die oer-Germaanse manlikheid tril; aan Scharnhorst, wat na die voorbeeld van die rewolusie die Pruisiese leër op die grondslag van die algemene diensplig gereorganiseer het; en aan die grys veldmarskalk, Blücher, wat deur sy onstuimige dapperheid en onwankelbare getrouheid dié volksheld by uitnemendheid van die Duitse vryheidsoorlog geword het.

In die eerste maande van die jaar 1813 maak Rusland, Pruise en Oostenryk hulle vir 'n groot oorlog teen Frankryk klaar. Die geleentheid was baie gunstig vir hulle, want Napoleon moes die manlike krag van Frankryk uitput om nuwe leërs te skep, en sy vriende het hom in die steek gelaat. Op die getrouheid van die Rynbondvorste en selfs van koning Murat kon hy nie meer vas reken nie, en Bernadotte sou persoonlik die Swede teen hom aanvoer. Besonder onheilspellend was verder vir hom die groot suksesse van die Engelse teen die verswakte Franse leërs in Spanje. Wellesley, wat na sy oorwinning by Talavera in 1809 die titel, graaf Wellington, gekry het, verower Badajoz in April 1821 en Salamanca in Julie van dieselfde jaar, en was 'n tydlang selfs in besit van Madrid. Die winter moes hy wel weer in Portugal deurbring, maar in 1813 het die „groot stoot” begin, en op 21 Junie verslaan Wellington vir veldmarskalk Jourdan en koning Josef by Vittoria onder die hange van die Pireneë, en staan hy klaar om Frankryk in te trek.

Onder al hierdie moeilikhede en gevare het Napoleon met soveel energie en snelheid opgetree, dat hy na daaraan toe was om weer sy wil op Europa af te dwing. Sy half-geoeffende leërs het in Duitsland verskillende belangrike oorwinnings behaal, b.v. by Gross-Görschen, maar hy moes erken dat die weerstand dié keer taaiër was as ooit tevore, „dat die skepsels al iets geleer het,” en onder die indruk hiervan het hy, volgens sy eie latere verklaring, „die grootste fout van sy lewe begaan” deur 'n wapenstilstand van ses weke te sluit. Tyd was juis wat sy vyande nodig had om hulle uiterste kragte te ontplooi en bymekaar te bring, en by die hervatting van die oorlog, teen die middel van Augustus, het Pruise b.v. alleen 'n leër van 160,000 man op die been gehad. Napoleon behaal nog één groot oorwinning by Dresden, maar onder die harde slae van Blücher, goed gesteun deur die Russe, moes die Franse op Leipzig terugval, en hier het op 17 en 18 Oktober die sogenaamde Volkeslag plaasgevind. Deur die afval van die Duitse ondersteuners is

die leër van Napoleon tot 160,000 verminder, terwyl die geallieërde Russe, Pruiſe en Oostenrykers meer as tweemaal so sterk was. Lank het die Franse hulle posiesies heldhaftig verdedig, maar toe Bernadotte eindelik gedurende die namiddag van die tweede dag sy vars troepe in die geveg gooi, was weerstand nie meer moontlik nie, en in die nag moes Napoleon, vir die eerste keer werklik agterna sit, maar versigtiger raadgewers, nog altyd onder die indruk van Napoleon se mag, het die hande van die Pruisiese vegsman gebind, en Metternich probeer om deur onderhandelinge met Napoleon 'n bevreëdigende vrede tot stand te bring. Hy bied hom selfs deur 'n onoffisiële gesant die sogenaamde „natuurlike grense,” d.w.s. die Pireneë, die Alpe en die Ryn, vir sy keiserryk aan. Dat Napoleon op hierdie gunstige voorstel nie wou ingaan nie, moet veral toegeskrywe word aan die feit dat die geallieërdes oor die algemeen nie daarby sou berus het nie. Vir die tsaar en Blücher, om nie eers van Engeland te praat nie, was daar slegs één mikpunt, nl. die totale vernietiging van Napoleon se mag. Met hierdie doel voor oë trek Blücher in die Nuwejaarsnag van 1814 oor die Ryn. Die Russe en Oostenrykers volg hom weldra, terwyl in die suide by Toulouse Wellington, nieteenstaande die verbitterde weerstand van Soult, ook sy voet op Franse grond sit.

Met bewonderingswaardige moed en geesteskrag het Napoleon hom tot op die laaste teen die vyande geweer, maar die oormag was te groot, en op Sondag, 31 Maart 1814, het die Russiese tsaar en die koning van Pruiſe aan die hoof van hulle garde-troepe Parys ingery. Die keiser van Oostenryk en Bernadotte maak ook later hulle verskyning, maar Soult het vir Wellington soveel las gegee, dat die Engelse aanvoerder nie aan die triomfantlike intog kon deelneem nie. Napoleon het hom met die oorblyfsels van sy leër buitekant die hoofstad opgehou, en hy wou die stryd nog voortsit, maar sy veldmarskalke, o.a. ook die dappere Ney, was nie daartoe bereid nie en het hom aangeraai om te bedank. Talleyrand, wat natuurlik vroegtydig, die sinkende skip verlaat het, was intussen besig om met die oorwinnaars te onderhandel, en onder sy leiding het die reste van die wetgewende liggame op 2 April Napoleon formeel van sy keiserlike amp onthef. Verdere verzet was onmoontlik en op 11 April moes die gevalle despoot sy bedankingsoorkonde onderteken. Hartroerend was die afskeid van sy ou garde, maar minder verheffend daarenteen het sy uitreis uit Frankryk geword, want toe hy op weg na die suidkus was om hom na Elba, sy verbanningsoord, in te skeep, het hy onder die

haat van die bevolking gesidder; en om onbekend deur te glip, trek hy 'n Oostenrykse offisierspak aan en steek die wit kokarde van die Bourbons op sy hoed.

Met Napoleon, die rusverstoorder, veilig op Elba, was die vorste en staatsmanne in Parys dit voorlopig gou eens oor die skikkings wat moes getref word, en reeds op 30 Mei is die vredesverdrag deur Engeland, Oostenryk, Rusland, Pruise, Spanje, Portugal, Sweden en Frankryk onderteken. Die ou dinastie van Frankryk is intussen in die persoon van Lodewyk XVIII op die troon herstel, en as gevolg van die bemoeiinge van sy minister, Talleyrand, maar ook omdat die gealliërdes die herstellende koning populêr onder sy volk wou maak, is hy met die grootste voorkomendheid behandel. Frankryk sou geen skadevergoeding betaal nie en behou selfs 'n paar van die rewolusionêre verowering langs die Ryn, asook al die kunskatte wat Napoleon buitgemaak het. Noord- en Suid-Nederland is in één koninkryk onder die Oranjestad verenig. Die Duitse vorste behou hulle besittings en sou onderling 'n federatiewe bond vorm. Italië sou soos voorheen uit 'n aantal onafhanklike state bestaan, met die uitsondering egter van die belangrike provinsies in die noorde, nl. die Po-dal en Venesië, wat aan Oostenryk moes terugval. Engeland, wat gedurende die oorlogsjare, naas die Kaap, al die Franse, Nederlandse en Spaanse besittings in Oos- en Wes-Indië verower het, was ook gereed om met enkele uitsonderings, Malta en die Kaap b.v., al hierdie besittings aan die vroeëre eienaars terug te gee. Die vrede is werklik op 'n onselfsugtige basis gesluit. Wraaksugtigheid het nie op die voorgrond getree nie. Intendeel, in Parys is blykbaar daarna gestreef om op 'n broederlike manier die vernietigende oorlogsjare af te sluit. Baie sake moes egter nog gereël word, en dis bepaal dat 'n groot kongres waaraan verteenwoordigers van al die Europese state sou deelneem, vir hierdie doel in Wene sou bymekaar kom.

§ 4. Die Honderd Dae en die Kongres van Wene.

Die verrigtinge in Wene het minder voorspoedig gevorder as in Parys. 'n Gees van onderlinge wantroue het hom daar onder die vorste en staatsmanne geopenbaar, en so erg was die tweedrag, dat Oostenryk, Frankryk en Engeland 'n verdrag teen Rusland en Pruise gesluit het en 'n nuwe oorlog nie onwaarskynlik gelyk het nie. Napoleon, wat omtrent die toestand in Wene goed ingelig was, en ook uit Frankryk verneem het, dat die herstellende koning deur oordrewe tegemoetkoming aan

NAPOLEON BONAPARTE.

die teruggekeerde rojaliste ontevredenheid onder die Franse volksmassas verwek, het weer 'n kans gesien om alles wat hy in Rusland en by Leipzig verloor het, terug te wen. Met nege honderd man land hy op 1 Maart 1815 by Cannes in Suid-Frankryk. Proklamasies, waarin grondbesit en ander regte en voorregte, gedurende die omwenteling verwerf, aan die Franse volk gewaarborg is, en wat verder die versekering gegee het dat sy adelaar binnekort op Notre Dame in Parys sou sit, het sy koms aangekondig. Napoleon het op die regte manier en op die regte tydstep sy laaste groot waagstuk begin, en by die eerste afspring het dit waarlik gelyk, asof hy blywende sukses sou hê. Soos 'n sneeubal het sy mag aangegroei. Van alle kante het die ou deelgenote van sy roem, soldate, generaals, maarskalle, hom toegestroom. Ook Ney wat uitgetrek het om „die usurpator in kettings na Parys te bring,” het hom met sy manskappe tot Napoleon se beskikking gestel, en met die geroep, „Lang leef die keiser,” het die een koninklike garnisoon na die ander sy kant gekies. Die rojalistiese offisiere was magteloos. Napoleon se opmars het 'n triomftog geword. Op 20 Maart was hy in die koninklike paleis in Parys, waaruit Lodewyk XVIII vroegtydig na België gevlug het.

Die nuus uit Frankryk het soos 'n donderslag in die vergadersale van Wene en die Europese howe geslaan, maar die onmiddellike uitwerking daarvan in die kongres het duidelik aangetoon dat Napoleon se vooruitsigte alles behalwe rooskleurig was. Buitekant Frankryk het alleen sy swaer Murat, wat koning van Napels gebly het, hom gesteun; maar 'n Oostenrykse leër het vir Napoleon die hoop op hulp uit Italië afgesny. Murat is verslaan, en as 'n vlugteling sonder sy kroon, wat nou weer op die hoof van die vroeëre vors van Napels, Ferdinand I, gerus het, moes hy met leë hande voor sy keiserlike vriend in Frankryk verskyn. Die ander vorste en regeerders van Europa was dit eens dat Napoleon as „die gemeenskaplike vyand en verstoorder van die wêreldvrede” beskou en tot die uiterste toe beveg moes word. 'n Gesamentlike oproep tot „openbare wraakneming” is teen hom uit Wene uitgevaardig, en binne 'n paar maande was 'n halfmiljoen geoefende soldate van verskillende kante op die mars teen hom. Ook in Frankryk was sy posisie glad nie so gunstig soos eers skynbaar die geval was nie. Die meerderheid van die Franse volk was moeg vir oorlog en het hom nie gesteun nie. Hy kon alleen staatmaak op die oorblyfsels van sy vroeëre leërs en op die laere klasse, wat uit 'n nuwe omwenteling voordeel wou trek. Die keiser het blykbaar ook nie meer aan sy ster geglo nie.

GESKIEDENIS VIR SUID-AFRIKA.

Hy was somber, en sy handeling is nie meer deur die selfvertroue en daadkrag van vroeër gekenmerk nie.

Napoleon kon in die tyd tot sy beskikking nie daaraan dink om leërs net so groot soos dié van sy vyande op die been te bring nie. Sy enigste kans was om hulle te verslaan, voordat hulle bymekaar kon kom. Dit was vir hom daarby 'n voordeel dat hy uit sy middel-posiesie die volgorde van sy aanvalle self kon bepaal, en van hierdie voordeel het hy na vermoë gebruik gemaak. Aan die oostelike vyande, Suid-Duitsers, Russe, Oostenrykers en Italianers het hy voorlopig sy rug gekeer, want die grootste gevaar was in die noorde, in België. Hier wou twee groot leërmagte 'n samesluiting uitvoer. Die een het uit Engelse, Hannoverane en Hollanders onder die hertog van Wellington bestaan; die ander was die Pruië onder maarskalk Blücher. Napoleon het sy uiterste gedaan om deur 'n vinnige offensief hulle apart te verslaan. Die geluk het hom eers meegeloop. Op 16 Junie verloor Blücher die slag by Ligny, en gelyktydig stuit Ney vir Wellington by Quatrebras. Twee dae later, op 18 Junie, pak Napoleon vir Wellington aan, en die groot beslissende slag by Belle-Alliance of Waterloo volg. Die taktiek van die Engelse veldheer was eenvoudig, maar in sy uitvoering groot. „Nie wyk nie! Vasstaan tot Blücher of die nag kom!” Dit was voorlopig sy enigste strewing, en hy het met taaie volharding sy plan deurgevoer. Nieteenstaande die verwoede aanvalle van die Franse, deur artillerievuur en ruitery gesteun, het sy manskappe hulle posiesies behou, tot Blücher en sy Pruië, verslaan maar nie ontmoedig nie, ook nie deur reent en deurslagpaaie teruggehou nie, eindelijk om half-vyf die agtermiddag op die toneel verskyn. Vir die laaste keer gooi Napoleon sy beste veterane, die ou garde, in die geveg, maar ook hulle moes in wanorde terugval. 'n Algemene teenaanval van Wellington en Blücher se gekombineerde magte volg, en toe die nag kom, was Napoleon se hele leër aan die vlug. Hyself het sonder hoed en sabel op 'n perd gespring en deur die duisternis na Parys geja.

Die ontvangs van die weerlose keiser in sy hoofstad was erger as koel. Die wetgewende kamers het sy bedanking geëis en verkry, en toe die vyandelike leërs vir die tweede keer voor Parys verskyn, het hy dit raadsaam geag om die stad te verlaat en hom by Rochefort op die kus aan die Engelse oor te gee. Hy het gehoop dat sy vyande hom weer met 'n ruime mate van persoonlike tegemoetkoming sou behandel, maar hulle was nie geneig om hom nog 'n kans te gee om die wêreldvrede in gevaar te bring nie. Op die Engelse skip, *Bellerophon*, is hy

NAPOLEON BONAPARTE.

dadelik as 'n krygsgevangene behandel, en op las van die Engelse regering, wat hierby onder toestemming van die ander Europese moondhede gehandel het, is hy tot lewenslange ballingskap op die verafgeleë eiland, Sint-Helena, gevoer. 'n Paar troue vriende het hom daarheen vergesel. Die ses jare wat hy tot sy dood in 1821 daar deurgebring het, was 'n treurige uitloop van sy groot loopbaan. Hy was 'n siek en verbitterde man, en die Engelse bevelvoerder op Sint-Helena, sir Hudson Lowe, wat moes toesien dat hy nie weer ontsnap nie, het in die uitvoering van sy opdrag onnodige kleinsieligheid aan die dag gelê. Geminag en in oneer het Napoleon sy ster sien ondergaan, maar betreklik gou het sy eie aangenome volk en die hele wêreld sy ware grootheid weer erken, en die indrukwekkende praalgraf in Parys, waarheen sy stoflike oorskot in 1840 vorgebring is, sal altyd besoekers trek, wat met ontblote hoofde sy nagedagtenis eer. Vir die jeug van Suid-Afrika, aan wie die oplossing van soveel probleme toevertrou is, probleme wat die hoogste inspanning vereis, kan veral die weergalose energie van Napoleon tot 'n blywende voorbeeld strek. Sy gees was so groot en onverskrokke, dat hy vir geen moeilikhede, al was hulle ook so hoog soos die Alpe, teruggedeins het nie.

Na die tweede en laaste verbanning van Napoleon het die geallieerde magte die tweede Vrede van Parys met Frankryk gesluit. Dit was feitlik 'n herhaling van die eerste Vrede van Parys van 1814, en ons hoef dus nie in sy besonderhede te gaan nie. Nog sterker as tevore is egter nou die legitimiteitsbeginsel beklemtoon. Onder die beskerming van hierdie beginsel, nl. op grond van sy geërfde en goddelike reg op die troon van sy vaders, is Lodewyk XVIII weer in Frankryk herstel, en die drie belangrikste vorste van die vasteland van Europa, nl. Alexander I van Rusland, Frederik Wilhelm III van Pruise en Frans II van Oostenryk het nog vóór hulle vertrek uit die Franse hoofstad 'n „Heilige Alliansie” gesluit, die doel waarvan, hoe dan ook deur vroompraatjies verbloem, niks anders was as om die regerende vorste van Europa teen die gevare van rewolusionêre en liberale idees en bewegings te vrywaar. By die verdere onderhandelings in Wene, waar Metternich, die groot Oostenrykse minister, hom veral daarop toegelê het om die beginsels van die Heilige Alliansie in Duitsland en Italië tot voordeel van sy eie keiserlike heer, Frans II, deur te voer, het die gees van reaksie ook die botoon gevoer, en die geallieerde vorste en gevolmagtigdes het uitmekaar gegaan vas besluit om „in die naam van die Heilige en Driecenige God” die doodsondes

GESKIEDENIS VIR SUID-AFRIKA.

van opstand en ongeoorloofde vryheidsdrang gesamentlik te beveg.

Egter, ook vir dié wat daarna streef, is 'n blote terugkeer na wat verby is gewoonlik nie moontlik nie, en hierdie nuwe konserwatisme was op slot van sake iets totaal anders as die koue, rasionele konserwatisme van die agtiende eeu. Die gevoel het die plek ingeneem wat 'n halwe eeu tevore aan die verstand afgestaan was. Ook onder die vorste was daar nou godsdienstige dwepers, soos bv. Alexander I, wat van 'n ewige wêreldvrede onder die Heilige Alliansie gedroom het; en waar die rasionaliste van die *ancien regime* nie aan die krag van suiwer historiese skeppings geglo het nie en veral die Middeleeue as 'n treurige bloeityd van dom bygeloof, woeste geweld en onontwikkelde kunstmaak beskou het, was romantiese bewondering van die verre volksverlede 'n algemene kenmerk van die gees van 1815. Ons sal later sien hoe hierdie gevoelvolle romantiek ook die liberale in hulle stryd vir nasionale vryheid angevuur het, en ons sal verder moet let op die heerlike vrugte wat dit vir die letterkunde afgewerp het, maar dit is dinge wat nou nie aan die orde is nie.

By één geestelike beweging van hierdie jare moet ons egter nog stilstaan, want vir ons eie geskiedenis na 1795 en veral na 1814 is dit van die grootste betekenis. Ons het gesien hoe die Franse omwenteling vir 'n groot deel uit 'n geloof aan die gelykwaardigheid van alle mense gevloei het. Ons het verder gesien hoe hierdie breë mensliewendheid somtyds in 'n bewondering van die Kaffers en ander sogenaamde onbedorwe natuurkinders tot uiting gekom het, en hoe die sendingywer ook daardeur aangespoor is. Nou moet ons goed begryp dat hierdie filantropisme en negrofilisme tydens en na die Napoleontiese oorloë, d.w.s. selfs in die periode van konserwatiewe reaksie, steeds sterker geword het. Die liberale het vir „die regte van die mens” in Europa ingetree, maar waar dit gegaan het om die sogenaamde bevryding van minder ontwikkelde rasse buitekant Europa, het die konserwatiewe later ook lekker saamgepraat, ofskoon hulle natuurlik minder geneig was om tot uiterstes oor te gaan. Die geskiedenis van die slawehandel is 'n voorbeeld hiervan. In 1783 het 'n jong man, Clarkson, 'n universiteitsprys in Cambridge verwerf met 'n opstel teen die slawerny. Deur sy eie argumente innig oortuig, het hy besluit om sy lewete wy aan die bestryding van die slawehandel. Dat die Engelse koopmans van Bristol en Liverpool jaarliks om en by 50,000 slawe van Afrika na Amerika en die Wesindiese eilande verskeep het en hom dus heftig sou opponeer, was vir hom 'n rede te

NAPOLEON BONAPARTE.

meer om te volhard, want sy eie volk se eer was daarby betrokke. Hy het die steun van Wilberforce, 'n uitstaande filantroop, in die Engelse parlement verkry, en ook Pitt was aan sy kant. Baie oortuigingswerk moes egter nog gedaan word, en Wilberforce het in 1787 'n vereniging vir dié doel gestig. Eers in 1807 het hy daarin geslaag om 'n wet deur die Engelse parlement aangeneem te kry, wat die verdere vervoer van slawe na Britse kolonies verbied het. By die kongres van Wene het die Britse gevolmagtigde minister, Castlereagh, vir die algehele en onmiddellike afskaffing van die slawehandel ingetree, en op 5 Februarie 1815 is sy voorstel in beginsel goedgekeur. So sien ons dan dat filantropiese opvattinge ook onder die reaksionêre konserwatiewe vóór en na Waterloo invloed uitgeoefen het, en met hierdie waarskuwing kan ons nou daartoe oorgaan om die lotgevallen van die Afrikaanse volk in hierdie veelbewoë tyd te behandel.

HOOFSTUK III.

DIE EERSTE ENGELSE TYDPERK, 1795 — 1803.

§ 1. Regeerders en Regeringstelsel.

Die opvatting word somtyds aangetref dat na die oorgawe van die Kaap aan Engeland op 16 September 1795 die sogenaamde *despotisme* van die Oosindiese Kompanjie plek gemaak het vir 'n verligte en liberale regeringstelsel. Ons het reeds gesien dat dit verkeerd is om die *ancien régime* in Suid-Afrika as despoties te bestempel, en ons sal nou nagaan, óf en in welke opsigte die Engelse 'n beter administrasie hier ingevoer het. Vooraf moet ons egter billikheidshalwe twee punte beklemtoon: (1) Die ou stelsel was werklik grotendeels uitgedien, en verandering was dus onvermydelik; maar (2) die Engelse besit van die Kaap was so kort en onseker, dat hulle natuurlik nie tot drastiese innowasies sou oorgaan nie.

Vir 'n tyd het ons 'n soort van militêre bestuur aan die Kaap. Tot November 1795 het generaal Craig en Clarke en admiraal Elphinstone die hoogste regeringmag uitgeoefen, en na die vertrek van die twee laasgenoemdes het dit by generaal Craig alleen berus. Hy het dadelik 'n welwillende houding teenoor die koloniste ingeneem. By die kapitulasie is 'n reeks van beloftes aan hulle gemaak. Die Engelse bevelvoerders het o.a. die versekering gegee, dat die koloniste al die voorregte wat hulle besit, hulle godsdiens ingesluit, sonder enige verandering sou behou; dat geen nuwe belastings sou ingevoer word nie, maar dat, weëns die agteruitgang van die kolonie, die bestaande belastings, so ver soos moontlik, verminder sou word, en dat, om die depresiasie van die papiergeld te voorkom, die grond en vaste eiendom van die Kompanjie as die onvervreembare dekking daarvan sou beskou word. Op hierdie kapitulasievoorwaardes het verdere gerusstellings gevolg. 'n Proklamasie is onmiddellik uitgevaardig, waarvolgens alle monopolies afgeskaf en die handel in Suid-Afrika vry was. Hoe die Engelse hierdie sogenaamde vryhandel egter opgevat het, sal ons onder 'n ander hoof bespreek.

Die mees ingrypende verandering van Craig was op kon-

stitusionele gebied. Dit spreek van self dat die ou Politieke Raad onmiddellik verdwyn het. Die bevelvoerder het wel sy ondergeskiktes geraadpleeg, maar hy het die hele regeringsverantwoordelikheid gedra en sy mag was outokraties. Ook die Kollegie van Burgerrade is enigszins gewysig, maar dit het feitlik net 'n nuwe naam gekry. Dit heet nou die Burger-Senaat en bestaan uit ses koloniste; maar hulle het hul getal, volgens die ou gebruiklike prosedure, deur ko-opsie onder regeringskontrole aangevul, en hulle moes, soos voorheen, in Kaapstad munisipale pligte verrig, in die Kaapse distrik die administratiewe werk van 'n afdelingsraad doen, en vir die algemene belange van die koloniste by die sentrale regering optree. Generaal Craig het, vir die res, die ou Hollandse bestuurlike liggame laat voortbestaan en, so ver moontlik, die administratiewe poste met Hollandssprekendes gevul; maar hulle moes natuurlik anti-rewolusionêr en Engelsgesind wees. Hierdie twee kenmerke het dan ook gewoonlik saamgegaan.

Die Kaap was strategies en as 'n kolonie so belangrik, dat die Britse regering kort na die verowering tot die aanstelling van 'n goewerneur oorgegaan het, en hulle keuse het geval op lord Macartney, 'n man wat o.a. as gesant na Rusland en Sjiena en as goewerneur van Madras veel ondervinding in die buiteland en die kolonies opgedaan het. Hy het in Mei 1797 sy werk hier begin, en die nuwe militêre bevelvoerder, generaal Dundas, wat onder hom gestel is en vir generaal Craig opgevolg het, was toe ook reeds hier. John Barrow was Macartney se sekretaris en het onder sy beskerming ouditeur-generaal geword.

Met die nuwe goewerneur is ook 'n nuwe gees in die administrasie ingevoer, dié ongelukkige gees wat in Barrow b.v. so duidelik aan die dag getree het. Macartney was sestig jaar oud en nie vatbaar vir nuwe idees en indrukke nie. Hy was erg konserwatief, 'n geswore vyand van alles wat ook maar die kleur van die Franse Omwenteling gehad het, en daarby baie prikkelbaar, — die gevolg miskien van sy Ierse afstamming en jigaanvalle. Tiepies van sy geaardheid en politiek was sy optree in die geval van Hendrik Eksteen van Bergvliet, Wynberg. Hierdie heer, blykbaar 'n ondersteuner van dié Jakobynse beginsels wat Macartney nie kon uitstaan nie, het sy vriende na die bruilof van sy dogter uitgenooi en op die kaartjies, na die Franse voorbeeld, die gelykheidstietel *burger* gebruik. Op die troudag het 'n afdeling dragonders bevel gekry „to proceed to the festive assembly of *Citizens*,” en Eksteen moes hulle in sy huis opneem, totdat hy by die goewerneur vir sy wangedrag om ekskuus gevra en 'n borgtog van £1000 gelaat het, dat hy

hom nie weer aan sulke „offences against the government” sou skuldig maak nie.

Die inkwartiering van soldate by privaat persone was 'n geliefkoosde strafmaatreël van Macartney. Hy kon dit na hartelus aanwend, want dié outokratiese volmag, wat Craig reeds besit het, was in sy geval deur 'n duidelike instruksie van die Britse regering aan hom gegee. Daarin lees ons: „It is Our especial command that all the powers of government within the said Settlement, as well Civil as Military, shall be vested solely in you Our Governor.” Dat Macartney sy volmag gebruik het om sy eie sakke en die van sy gunsteling te vul, mag egter nie beweer word nie; onder hom was die administrasie suiwer — maar baie duur. Hy self het £12,000 per jaar gekry; generaal Dundas, wat naas militêre bevelvoerder ook luitenant-goewerneur was, £3,000; die koloniale sekretaris, Andrew Barnard, die man van lady Barnard, £3,500; Hercules Ross, die assistent-sekretaris, £1,500; Greene en Maxwell, die twee doeane-hoofde, Barrow, die ouditeur-generaal, Buckley, die betaalmecster — elk £1,000, en Jessup, 'n ander doeane-beampte, £700. Hier het ons reeds 'n jaarlikse uitgaaf van £24,700, en dié som, wat deur die kolonie moes opgebring word, sou, in riksdalers bereken, nog groter word, aangesien die genoemde salarisse almal in pond sterling vasgestel en die papiergeld aan depressieër was. Die geld vir hierdie ontsaglike siviele lys moes die Kaapse regering uit die landskas haal, en in 1796 was sy totale inkomste in riksdalers 'n som wat iets meer as £23,000 verteenwoordig het. Hoe dit kon gebeur is 'n vraag wat ons later sal besighou.

Lord Macartney het 'n verandering in die Raad van Justisie gemaak. Die ledetal is tot ag verminder, en die regters, waar hulle vroeër as beamptes of burgerrade geen spesiale vergoeding ontvang het nie, het nou salarisse begin trek — ongetwyfeld 'n verbetering op die ou sisteem. Die hoofregter het 2,000 riksdalers per jaar gekry en die ander lede van 1,000 tot 500 riksdalers. Teen die vonnisse van die Hoë Geregshof, soos dit voortaan geheet het, kon geappeleer word by die hoogste appèlhof in Suid-Afrika, wat uit die goewerneur en die luitenant-goewerneur bestaan het. 'n Verdere appèl aan die koning in Rade, d.w.s. die Britse Ministerie, kon in sommige gevalle toegelaat word. In die verbygaan kan ons hier sê dat die pynbank met die koms van die Engelse uit ons regswese verdwyn het.

'n Ander groot verbetering, wat onder Macartney ingevoer is, was die byna algehele afskaffing van die fooistelsel. Die

beamptes het vaste salarisse gekry en was nie meer geregtig op dié aanvullende emolumente, wat vroeër so 'n belangrike en geheimsinnige deel van hulle inkomste uitgemaak het nie. In die geval van die fiskaal is egter nog 'n uitsondering gemaak; sy reg op 'n derde deel van die boetes, deur die Hoë Geregshof opgelê, is verder erken.

Die „skoon administrasie” van Macartney is na sy vertrek, in November 1798, deur Dundas, die agerende goewerneur, voortgesit; maar onder sir George Yonge, wat in Desember 1799 die plek van lord Macartney kom inneem het, het dit gou geblyk dat outokratiese mag in die hande van 'n slegte goewerneur tot groot onheile en misbruike kon lei. Yonge was totaal onbevoeg vir sy betrekking aan die Kaap; hy was nie in staat om 'n brief reg op te stel of selfs te spel nie; en hy het desnieteenstaande 'n baie hoë dunk van sy eie bekwaamheid en waardigheid gehad. Kort na sy aankoms het hy, uit blote selfsug en hooghartigheid, die inwoners van Kaapstad 'n groot onreg aangedaan; die ou Kompanjiestuin, hulle geliefkoosde wandelplek, is gesluit en vir die goewerneur en sy vriende gereserveer. Weldra was hy ook met sy belangrikste ondergeskiktes oorhoop, en minderwaardige vleiërs is deur hom begunstig. Die toon van sy depesjes, waarin hy hom op 'n baie ongunstige manier oor die Kaapse beamptes uitgelaat het, en ernstige klagte oor sy bewind, het die Britse ministers laat insien dat sy aanstelling 'n fout was, en op 19 April 1801 het 'n skrywe van die sekretaris van kolonies, waarvolgens hy onmiddellik na Engeland moes terugkeer, die Kaap bereik. Hy het ook opdrag gekry om die regering weer aan generaal Dundas oor te gee, wat op 21 April geskied het; maar omdat die Britse admiraal in Simonstad, die Britse vlootbasis, met wie hy ook op 'n slegte voet gestaan het, geen oorlogskip tot sy beskikking wou stel nie, kon hy, innig gebelg, eers op 29 Mei met 'n privaat skip die reis na Sint-Helena begin. Daar moes hy weer vier maande vertoef, en toe hy eindelik in Desember in Engeland aankom, moes hy nog die verdere vernedering ondergaan, dat lord Howard, die sekretaris van kolonies, hom nie wou sien nie en hom laat weet dat 'n ondersoek omtrent sy gedrag as goewerneur aan die gang was.

Die rapport van die kommissie van ondersoek het groot skandale aan die lig gebring. Yonge se sluiting van die Kaapse tuin en sy invoering van verskillende nuwe belastinge, b.v. 'n jaglisensie van £1 per jaar, asook sy verdubbeling van die aksyns op brandewyn, is as teenstrydig met die kapitulasievoorwaardes bestempel. Dit het ook geblyk dat hy hom aan

c

GESKIEDENIS VIR SUID-AFRIKA.

'n ander verkragting daarvan wou skuldig maak. Hy het 'n landbou-departement ingerig en aan die hoof daarvan 'n sekere mnr. Duckitt aangestel. Duckitt met sy ander eksperte moes die boere leer om progressiewe Engelse metodes in hulle bedryf te volg. 'n Groot modelplaas is naby Klappmuts aangelê, waarop weldra £8,000 gespandeer is, maar ongelukkig vir Duckitt het droogtes in die eerste jare sy wetenskaplike-bewerkte landerye niks laat opbring nie, en die konserwatiewe maar praktiese boere het weinig fidusie in sy eksperimente gekry. Dit het ook lanke geduur voordat hulle die werklike voordele van die nuwerwetse ysterploë, wat op die modelplaas gebruik is, ingesien het; maar in hierdie rigting het Duckitt se werk tog uiteindelik goeie vrugte afgewerp. Vir ons is hierby nou van belang, dat Yonge aan die hoof van die landboudepartement groot stukke regeringsgrond as privaat besit wou oordra. Hy wou, met ander woorde, aan die dekking van die papiergeld begin toring. Of dit werklik die waarde daarvan ongunstig sou beïnvloed het, is 'n kwessie waarby ons nie hoef stil te staan nie. Dit sou in elke geval in stryd gewees het met die kapitulasie-voorwaardes, en die Burger-Senaat, getrou aan die tradisie van die Burgerrade, het daarteen geprotesteer; maar die goewerneur het hom nie aan hulle gesteur nie, en alleen sy terugroeping het sy plan verydel. Veel erger nog was die onthullings omtrent groot geldsomme wat onder die oë en met die medewete van Yonge in die sakke van sommige van sy ondergeskiktes gevloei het. Hooggesalarieerde poste is spesiaal vir sy gunsteling geskep, en knoeiery by die uitgifte van kontrakte, waarby b.v. die *aide-de-camp* van die goewerneur £2,000 ingepalm het, het meermale voorgekom.

Na die val van sir George Yonge het generaal Dundas, tot die teruggawe van die Kaap aan Nederland, die regering gelei. Onder hom kry ons weer 'n meer simpatieke en suiwer administrasie, maar vir die goeie verstandhouding tussen veroveraars en verowerdes was dit noodlottig dat manne van die stempel van Macartney en Yonge in hierdie tydperk aan die Kaap geregeer het. Ook die politieke gebeurtenisse het ongelukkig meegewerk om Boer en Brit van die staanspoor teen mekaar in die harnas te ja.

§ 2. Die Onderwerping van Graaff-Reinet.

Na die verowering van die Kaap het die inwoners van die twee naaste binnelandse distrikte hul nie verder teen die Engelse versit nie. Die beloftes van Craig, die instandhou van

hulle ou instellings en die mooi mark, wat onmiddellik weer in Kaapstad opgeskiet het, het hulle gewillig gemaak om in die verowering, voorlopig altans, te berus en 'n eed van getrouheid aan koning Georg III van Engeland „vir so lang 'n tyd as sy Majesteit in besit van die kolonie sou bly,” af te lê. Die nuwe toestand het vir hulle dan ook weinig veranderings meegebring. Landdros Bletterman van Stellenbosch het op sy eie versoek afgetree en Ryno Johannes van der Riet, 'n Angolman, d.w.s. 'n Engelsgesinde Oranjeman, is in sy plek aangestel; maar die heemrade het soos vroeër vergader; ds. Borchers het sy bediening vervolg; die boere kon ongestoord hulle bedryf voortsit en uitbrei; en die kinders het in die skool Hollands geleer, op die Braak kennetjie gespeel en hulle vlieërs laat opgaan en in die Eersterivier geswem. Ook in Swellendam is die ou voor-rewolusionêre toestande herstel. Die „Nasionale” regering is ontbind, en landdros Faure het sy werk hervat. Tot sy sekretaris is benoem Andries Stockenstrom, 'n Sweed van geboorte, wat in die jare '80 'n beampte van die Kompanjie aan die Kaap geword het. Hy en veral sy meer bekende seun sou 'n groot rol in ons geskiedenis speel.

Met die Graaff-Reinettters het Craig nie so maklik klaar gespeel nie. Hy het voorlopig vir Gerots as landdros erken, maar hy het gelyktydig sy besluit meegedeel om iemand anders tot dié betrekking te benoem. Frans Bresler, 'n vurige Oranjeman, wat onder De Lille as offisier gedien het, is daarvoor uitgekies, en op 9 Februarie 1796 het hy in Graaff-Reinet aangekom. Sy instruksies was om die verlede as afgedaan te beskou, die koloniste te konsilieer, „and if he should find that the Bushman, grown bold through want of proper exertions to stem their progress, had become formidable, and that he required powder and ball for the parties he might find proper to send on commando, he needed only to say so to be immediately supplied from the government stores.” Hy het dan ook onmiddellik na sy aankoms 'n kommando teen die Boesmans gestuur. Beter kon hy nie begin het nie, en tog — sy konsiliasiepolitiek het nie die verwagte vrugte afgewerp nie. Die oorsaak hiervoor moet gesoek word in sy verdere optree, opruiende elemente onder die boere, en hulle sterk onafhanklikheidsin.

Op 22 Februarie vergader die heemrade, die lede van die krygsraad, daaronder Adriaan van Jaarsveld, en die volksverteenwoordigers, en hulle nooi Bresler uit om die doel van sy koms uit te lê. Hy maak sy verskyning, deel mee dat hy as landdros die administrasie op 'n simpatieke manier sou lei, en

maak bekend dat hy dieselfde agtermiddag om twee uur by 'n vergadering van die heemrade die voorsitterstoel sou beklee. Hy is gevra, of die volksverteenwoordigers ook daarby teenwoordig kon wees, maar sy antwoord was dat hy hulle nie kon erken nie. Om twee uur laat hy die drosdyklok lui en die Engelse vlag daarnaas hys. 'n Aantal opgewonde burgers, wat op die toneel verskyn het, eis dat die vlag onmiddellik weer neergehaal moes word. Bresler weier, maar hy kon hulle nie verhinder nie, toe hulle self die simbool van die vreemde veroweraar aftrek. Intussen het die temperatuur van almal gestyg, en onder rumoer roep Bresler, of die omstaanders die koning van Engeland as hulle vors en generaal Craig as hulle goewerneur sou erken, en of hulle gereed was om die eed van getrouheid af te lê. Niemand was bereid om dit te doen nie, en aan Bresler is meegedeel dat Marthinus Prinsloo van die Bosberg, die gekose volksleier, die eedaflegging verbied en 'n vergadering op 22 Maart belê het, om sake finaal te reël. In die hoop dat hy met die hulp van 'n gematigde man soos Gerots in staat sou wees om die burgers in die tussentyd gunstiger te stem, het Bresler voorlopig hierby berus; maar die aanhanklikheid van die Graaff-Reinnetters aan die State-Generaal of, miskien juister uitgedruk, hulle ingenomendheid met die rewolusionêre leerstellings, was sterker as hy kon vermoed; en opstokers, wat hier ver op die grens 'n pragtige arbeidsveld gekry het, was onvermoeid besig om die mense tot verset aan te spoor. Die belangrikste onder hulle was die distriksdokter, Jan Pieter Woyer, 'n Jakobynse vuurvreter. Op die vergadering van 22 Maart, waar Marthinus Prinsloo, Carel Trigardt en Adriaan van Jaarsveld die hoofwoordvoeders van die burgers was, het hulle geweier om hul aan die Britse gesag te onderwerp. Voorstelle is egter daar aangeneem waarin die bereidwilligheid van die Graaff-Reinnetters om met die Engelse regering op 'n vriendskaplike voet te verkeer en die ou handelsverbindings met die hoofstad voort te sit, tot uitdrukking gekom het; maar die verteenwoordigers van die oostelike grensboere wou hulle eie regering behou. Bresler wat oor geen militêre mag beskik het nie, moes dus op 25 Maart die terugreis na Kaapstad begin. Tot groot spyt van die burgers is hy weer daarheen vergesel deur ds. van Manger, wat met hom gekom het om die werk in sy gemeente te hervat, maar nie onder die „Nasionale regering” wou dien nie.

Toe Craig van die gebeurtenisse in Graaff-Reinet berig ontvang, het hy voorbereidsels begin tref om, desnoods met geweld, vir Graaff-Reinet tot onderwerping te bring. 'n Afde-

ling Hottentots, die Pandoers, is vir die diens op die grens onder die wapens geëkskerseer, en majoor King met drie honderd soldate, klaar om dadelik oor die berge te trek, is in Stellenbosch gestasionneer. Hier was eindelik weer 'n onderbreking van die stil dorpslewe onder die eikelane, en nog meer opgewondenheid sou weldra versprei word, die gevolg van 'n gebeurtenis wat voorlopig al Craig se aandag in beslag geneem het, en die affoop waarvan oor die hele kolonie met spanning afgewag is en vir die Graaff-Reinnetters van deurslaggewende betekenis was.

In die begin van 1796 het die Nederlandse regering, nou, soos ons weet, in verbond met die Franse republiek, 'n vloot van nege skepe onder die bevel van admiraal Lucas gestuur om die Kaap weer uit die hande van Engeland te ruk. Die uitrusting was gebrekkig en die getalsterkte van die totale bemanning, skaars 2,000, heeltemaal onvoldoende; die bevelvoerder was ook nie vir sy taak opgewasse nie, en, miskien omdat hy te stadig was, het daar van die voorgestelde samewerking met 'n Franse eskader niks gekom nie; maar die Nederlanders was onder die indruk dat die koloniste onmiddellik by die verskynning van die vloot teen die Engelse in opstand sou kom. Dat dit nie gebeur het nie was die gevolg van die versoenende politiek van Craig en die verbluffende mag waaroor hy kon beskik. Uit die transporte aangevul, styg die Kaapse garnisoen juis in hierdie tyd tot 'n getalsterkte van byna 7,000 man, en Elphinstone, kort tevore uit Indië teruggekeer, voer bevel oor 'n vloot, veel sterker en beter uitgerus as die Nederlandse. In Augustus 1796 seil Lucas Saldanhabaai in. Hy tree met „Vaderlandsgesinde” koloniste in verbinding en verneem van hulle hoe goed die Engelse hul vir sy koms klaargemaak het. Hy besluit om na Mauritius deur te seil, maar dit was te laat. Op 16 Augustus verskyn Elphinstone se skepe by die ingang van die baai, terwyl Craig met 2,500 man oor die sandheuwels opdaag. 'n Deel van Lucas se manskappe was reeds in opstand en roep: „Oranje boven! De dood aan de Patriotten!” en sonder om 'n slag te waag kapituleer hy die volgende oggend.

Die nuus van hierdie neerlaag het baie gou die grens bereik, maar ook nog vóór dit daar bekend was, het die klaarblyklike oormag van die Engelse en die gematigde raadgevinge van Gerots en Oertel, sy sekretaris, die mense tot ander insigte gebring. Veral die bewoners van die Sneeuberge en ander dele van Graaff-Reinet distrik, *wat nie onder Kafferinvalle gely het nie*, was nou bereid om die Britse gesag te erken, en op 22 Augustus is 'n besluit met so 'n strekking dan ook aange-

GESKIEDENIS VIR SUID-AFRIKA.

neem op 'n vergadering in Graaff-Reinet. Adriaan van Jaarsveld was teenwoordig en het die genoemde besluit met sy handtekening ondersteun, maar ander verteenwoordigers van die suidoostelike grenswyke was daar nie. Die boere van Bruin-tjieshoogte, Swartkopsrivier en die Suurveld, vir wie die Bantoegevaar altyd die hoofsaak was en, onder wie ook, as gevolg daarvan, die rewolusionêre onrusstokers 'n groot aanhang had, was oor die algemeen nog nie so gereed om die spinnekopvlag, soos hulle die *Union Jack* genoem het, oor hulle te laat waai nie. Hulle wou eers die versekering hê dat 'n Kafferpolitiek, wat vir hulle voordelig sou wees, gevolg sou word. Hulle stuur dus in November 1796 vir Willem Prinsloo, die seun van Marthinus Prinsloo van die Bosberg, en nog 'n afgevaardigde na generaal Craig om o.a. die volgende toeseppings van hom te probeer kry: hulle wou die reg hê om gesteelde beeste in Kafferland te gaan haal en om die byna onbewoonde gebied tussen die Konap- en Katriviere vir die Witman in beslag te neem; Bresler was nie simpatiek genoeg teenoor die boere en moes dus nie teruggestuur word as landdros nie, die heemrade moes nie meer deur ko-opsie aangevul word nie, maar deur die volk gekies word. In hierdie laaste versoek het ons 'n duidelike uitvloeisel van die Franse rewolusiegees, wat hom trouens ook in uitdrukkings soos *Volkstem*, *Volksvriend*, ens., destyds op die grens geopenbaar het. Craig het beslis geweier om op hierdie voorstelle in te gaan, maar terwyl hy prinsipieël die burgers die reg ontsê om by die benoeming van 'n landdros saam te praat, is Gerots voorlopig in sy betrekking gelaat en Bresler nie teruggestuur nie. Craig proklameer verder 'n algemene amnestie, maar sluit vir Woyer daarvan uit. Die gemoedere kom enigszins tot bedaring, en Gerots administreer die distrik as 'n Britse beampte. Woyer het wel nog 'n poging aangewend om opstand te verwek, maar dit het hom nie geluk nie. Hy het nl. op 'n Deense skip uit Algoabaai na Batavia geseil en die goewerneur-generaal daar beweeg om 'n klein vaartuigie, die *Haasje*, met 'n voorraad ammunisie en kanonne na Suid-Afrika te stuur. Êrens langs die kus sou die lading vir die boere aan wal gesmokkel word; maar die *Haasje* het nie verder as Delagoabaai gekom nie. Dit is daar deur 'n Engelse skip buitgemaak.

§ 3. Die Van Jaarsveld-Rebellie.

Toe Macartney in Mei 1797 aan die bewind kom, was die toestand langs die oosgrens betreklik gunstig. Selfs die Kaffer-

kwessie het 'n enigszins gunstige kleur gekry. 'n Tyd tevore, in 1796, het Gaika vir Slambie verslaan, gevang en na sy eie kraal gebring, waar die gewese regent goed behandel, maar ook goed opgepas is. Die onderlinge stryd tussen die hoofde, wat so dikwels die bron van onluste in die kolonie was, het dus ook bedaar. Daar was egter brandstof genoeg oor. Die Goenoekwebe onder Koengwa en ander stamme het nog altyd in die Suurveld gewoon en rondgetrek, en die vee van die boere daar, asook van die bewoners van Bruintjieshoogte, was gedurig aan hulle rooflus blootgestel. So erg het dit in die winter van 1797 geword, dat Gerots 'n kommando moes oproep. Voor en aler die duidelike en kragtige afskeidingspolitiek van die jaar 1780 weer gevolg sou word, was 'n blywende terugkeer tot rus, orde en veiligheid nie moontlik nie. Ongelukkig had die blankes ook skuld daaraan dat die Kafferkwessie verward en onheilspellend gebly het. Ons mag ons nie 'n verkeerde voorstelling van die boere op die grens maak nie. Die onrusstokers onder hulle was nie almal vreemde awenturiers nie. Uit hulle eie geleedere het ook manne gekom, wie se sedelike beginselloosheid en oordrewe rewolusionêre teenkating teen alle gesag vir die beskaafde samelewing baie gevaarlik was. Die uitstaande voorbeeld van hierdie klas was Coenraad Buys (of du Buys). Lichtenstein het 'n mooi beskrywing van hom nagelaat. Hy was sewe voet lank en reusagtig sterk, maar mooi geproporsioneer; en sy goed gevormde gesig, hoë voorhoof, rustige uitkyk en waardige houding het alles daartoe bygedra om van hom 'n indrukwekkende verskyning te maak, maar agter die trotse onverskrokkenheid, wat uit sy oë geblits het, en die enigszins minagtende glimlag om sy lippe, was ook tekens van bedekte sluideid. Hierdie interessante man, wat onder gunstiger omstandighede die sentrale figuur van 'n heldegedig kon gewees het, het 'n onheilige verbond met die barbarisme gesluit. Om nie onder Engelse heerskappy te staan nie, maar ook omdat dit vir hom aangenaam was om onder die Kaffers te lewe en te heers, het hy hom na Gaika se kraal begewe, die man van die koninginmoeder geword en só veel invloed verkry. Deur die onwaardige rol wat Buys gespeel het en die bemoeiinge van ander boere, soos Jan Botha, wat ook oor die grens getrek het, is die witman by die Kaffer gekompromitteer, en dit strek die mense van Bruintjieshoogte en die Suurveld nie tot eer dat 'n gedeelte van hulle somtyds na die raadgewings van sulke verraaiers van die blank beskawing geluister het nie; maar ons moet versigtig in ons oordeelvelling wees: jare van anargie gee dikwels die slegte elemente 'n kans

om invloed uit te oefen, en selfs Buys maak nog altyd 'n baie mooi vertoning naas die groot Europese rewolusieheld, die smerige Marat!

Macartney se eerste stap teenoor die grensboere was nie bereken om vertrouwe in „die ou edelman,” soos die koloniste hom genoem het, by hulle te wek nie. Kort na sy aankoms aan die Kaap, toe hy, volgens sy eie getuienis, nog glad nie geweet het waar Graaff-Reinet geleë was nie en aan die ander kant tog reeds die binnelandse koloniste as onbeskaafde barbare bestempel, stuur hy vir Bresler om Gerots se plek in te neem, en „to avoid totally depending on him (Bresler) and to discover how far the same objects may appear alike to British and Dutch eyes,” laat hy John Barrow vir die nuwe landdros versesel. 'n Minder geskikte gesant as die laasgenoemde om die Engelse regering in 'n gunstige lig aan die grensbewoners voor te stel, kon hy moeilik uitgekies het. Of Barrow ooit meer as 'n paar woorde van hulle taal geken het, is twyfelagtig; en op hierdie eerste reis was hy seker nie in staat om sonder 'n tolk met hulle gedagtes te wissel nie. Van die staanspoor af vind ons by hom 'n onwankelbare minagting en veroordeling van die boere, veral van die oostelike binneland. Hy noem hulle deurgaans „peasants,” wat hulle natuurlik nie was nie, en omdat hulle nie soos Engelse „peasants” jolige kermisse gehad of op die „village green” om die Meipaal gedans het nie, meen hy dat onskuldige vermaaklikhede nie vir hulle bestaan nie. Hy was uiteindelik so oortuig van hulle totale onbruikbaarheid as koloniste dat hy 'n voorstel maak om tienduuisend Sjinese in te voer en op die land te sit. Dié sou, dit was sy blye verwagting, gou die Hollandse boere hier uitleef! Maar dit was veral Barrow se houding teenoor die natuurlike wat sy sending 'n ongelukkige mylpaal in ons geskiedenis maak. Met sy verskyning op die grens begin, kan ons sê, die driehoekstryd tussen Boer en Brit en Barbaar.

Bresler en sy geselskap, wat verder uit ag dragonders bestaan het, kom teen die end van Julie 1797 by die Drosdy van Graaff-Reinet aan. Hulle kry 'n beter ontvangs as wat hulle verwag het. Gerots dra onmiddellik sy amp aan Bresler oor, en die boere maak verder geen beswaar om die eed van getrouheid af te lê nie. Die vooruitsigte was gunstig; maar toe Bresler sy opdrag en planne verder bekend maak, kom daar al dadelik 'n wanklank — en wel in verband met die natuurlevraagstuk. Die Sneeubergers kon tevrede wees; die Boesmans was, volgens Macartney se instruksies, „perfect savages” met wie die vrede moeilik kon bewaar bly, en dit sou die vernaamste plig van die landdros wees „by ordering regular expeditions to protect the

inhabitants in their possessions against the Bushmen." Vir die bewoners van die suidoostelike wyke was daar egter minder aangename nuus: geen kommando sou teen die Kaffers gestuur word nie, maar Bresler en Barrow sou die hoofde gaan sien en sake inderminne met hulle probeer skik. Geen wonder dat die Sneeu-bergers heeltomal gereed was om onder Britse gesag te staan, en dat Barrow hom oor hulle baie gematigder en somtyds selfs met veel waardering uitdruk! Geen wonder egter ook dat hy in die Suurvelders en die mense van Bruintjieshoogte geen enkele deug, uitgesonder dan die gasvryheid, kon ontdek nie, want daar was weinig in die opdrag van die landdros om hulle wantrou te laat sluimer, en die ekspedisie van Bresler en Barrow was dan ook eintlik die herbegin van die Maynier-politiek waaronder hulle reeds so veel gely het.

Die twee regeringsverteenwoordigers, deur twee heemrade vergesel, het op 11 Augustus Graaff-Reinet verlaat. Hulle het eers Algoabaai gaan inspekteer en van daar deur die Suurveld gereis. In hierdie dele was veel Kaffers woonagtig, en toe die gevra is, of hulle dan nie weet dat die Visrivier die grens van die Kolonie is nie, antwoord hulle bevestigend, maar voeg daarby: hulle volg slegs die voorbeeld van die boerejagters in Kafferland, en hulle kan nie terugkeer nie, want Gaika is hulle vyand. Bresler en sy vriend sien kans om hierdie moeilikhede van die goeie natuurkinders uit die weg te ruim: 'n bevel, deur Macartney gedikteer, dat geen blanke meer oor die grens mog gaan nie, en dat die boere selfs hulle Kafferbediendes na hulle eie land moes terugstuur, sou die gewenste afskeiding van die kant van die koloniste bewerkstellig, en met Gaika sou 'n ooreenkoms getref word om sy gewese vyande vriendelik te ontvang. Alles het dan ook skynbaar baie goed van stapel geloop. Oorkant die Visrivier, in sy kraal naby die Keiskamma, het die kommissie die jong opperhoof ontmoet. Hy het 'n baie gunstige indruk op hulle gemaak en met die grootste bereidwilligheid al hulle wense toegestaan. Vir Barrow was dit 'n groot genoeë om eindelijk weer met 'n *hoogstaande vreemde ras*, met mense wat, in teenstelling tot die boere, openhartig, dapper en opgewek was, in aanraking te kom! Hy was dan ook dadelik daarvan oortuig dat al die onluste op die grense deur die roofsgug en wreedheid van die blankes veroorsaak is, 'n standpunt wat die regering onder sy beïnvloeding (hy tog het volgens Macartney die regte oog gehad!) onmiddellik aanvaar het. Hoogs voldaan kom die twee vredestigters op 30 September weer in Graaff-Reinet aan. Dat hulle reis nie alleen 'n hopelose mislukking nie, maar ook die uitgangspunt van 'n noodlottige politiek was,

sou hulle nooit erken het nie. Maar so was dit tog! Van die mooi beloftes van die Kaffers het niks geword nie. Die Suurveld bly in hulle besit. Koengwa met sy stam woon by die Boesmansrivier en weier absoluut om terug te trek. Die onrus duur dus voort; maar erger as dit alles was die feit dat die Kaapse regering in die stryd tussen wit en swart op die grens nou definitief die kant van die naturel gekies het. Daarin het vir die boer die grootste gevaar vir die toekoms geskuil. En vandaar dan ook die toenemende ontevredenheid van die oostelike grensbewoners, wat 'n jaar na die vertrek van Macartney, as gevolg van 'n ongelukkige toeval, 'n deel van hulle tot openlike verset gevoer het.

Selfs na die kapitulasie van Lucas se vloot het die Patriotte in die Kolonie nog altyd hulle aktiwiteit voortgesit. Uit Kaapstad is geheime onderhandelings met die Franse op Mauritius gevoer, en gerugte omtrent Franse oorwinnings (Napoleon se mislukte Egiptiese veldtog!) en moontlike Franse steun het die hoop van die rewolusionêre party aangewakker. Of die same-sweerders dit ooit werklik sou gewaag het om tot geweld oor te gaan, is egter twyfelagtig. Die sogenaamde Van Jaarsveld-Rebellie was in elk geval veel meer die gevolg van 'n onvoorsiene gebeurtenis as van sistematiese voorbereiding. Dat die boere uiteindelik geweier het om teen die Engelse te veg, is vir Barrow 'n bewys van hulle lafhartigheid. As hy in staat gewees het om die toestand juis te beoordeel, sou sy bevinding vriendeliker uitgeval het. Selfs in die oostelike wyke was daar, naas 'n aantal lawaaimakers en opgewonde heethoofde, baie mense wat nie maklik die wapens teen die regering sou opneem nie, veral nie vir 'n slegte saak nie; terwyl die Sneebergers byna unaniem aan die kant van die regering gestaan het.

Daar is verskillende grade van eerlikheid. Die eenvoudigste graad is dié van een persoon teenoor 'n ander persoon, van die man wie se *ja* teenoor sy naaste *ja* is, en sy *nee*, *nee*. Solank soos die ekonomiese verhoudings in die samelewing eenvoudig bly, kan die enkeling gewoonlik met hierdie onontwikkelde eerlikheidsbegrip klaarkom, maar meer ingewikkelde maatskaplike verhoudings stel hoër eise. Dan is „my naaste” nie noodsaaklik 'n persoon wat ek kan sien nie, en „'n man van eer en deug” moet ook teenoor verenigings, liggame en instellings eerlik wees. Nou weet ons dat die hele sisteem van die Oos-Indiese Kompanjie die genoemde uitbreiding van die eerlikheidsbegrip teen-gewerk het, en in die oë van baie koloniste was dit geen groot sonde om b.v. die regering te kort te doen nie.

Adriaan van Jaarsveld, die groot kommando-leier, was

ongelukkig op hierdie hoër sedelike gebied geen goeie voorbeeld vir sy volk nie. Vóór die stigting van die Leningsbank het hy, soos die gewoonte was, by die Weeshere in Kaapstad 'n som geld op verband geleen, en hy het agter geraak met sy rente. Dit was tot 31 Desember 1791 betaal en daarvoor het hy 'n bewys gehad, maar in 1798 lê hy dieselfde bewys voor, en daarvolgens was die rente nou tot die end van 1794 aangesuiwer. Hy het die laaste 1 in 'n 4 verander! Sy kinderagtige bedrog is maklik ontdek, en hy is voor die Hoë Geregs-hof gedaag, maar hy verskyn nie. Landdros Bresler kry dus opdrag om hom te laat arresteer en na Kaapstad te stuur, en toe Van Jaarsveld op 17 Junie 1799 ewe ongeërg Graaff-Reinet besoek, is hierdie bevel uitgevoer. Die volgende oggend vroeg was hy reeds onderweg, vergesel deur Oertel, die distriksekretaris, en drie soldate.

By sy arres het Van Jaarsveld gesê: „Ek vrees dit sal die mense opstandig maak;” en dit het gou geblyk dat sy veronderstelling, wat natuurlik op sy intieme kennis van die rewolusionêre beweging en van die ontevredenheid onder die oostelike grensbewoners berus het, juis was. Sodra Marthinus Prinsloo die nuus hoor, vergader hy 'n perdekommando van veertig man in Bruintjieshoogte en haal vir Oertel en sy geselskap op 21 Januarie in. Die sekretaris met sy drie dragonders kon natuurlik geen weerstand bied nie. Hy self sit sy reis na Kaapstad voort, maar Adriaan van Jaarsveld ry in triomf na Graaff-Reinet terug. Bresler moes nou 'n moeilike tyd deurmaak; sy lewe was selfs in gevaar; maar die verdeeldheid onder die opstandelinge, wie se getal tot oor 'n honderd aangegroei het, die gebrek aan 'n duidelike plan en die afkeurende houding van die Sneebergers, het verwarring en verslapping veroorsaak. Eindelik laat Prinsloo slegs 'n wag van dertig man in Graaff-Reinet agter, en hy en sy ander vriende ry weer na hulle plase toe. Verdere vergaderings het egter plaasgevind, b.v. op Prinsloo se plaas, en hier verskyn die twee Kaffervriende, Jan Botha en Buys, wat deur hulle onsalige inmenging 'n baie lelike wending aan die beweging gee. Hulle onderneem nl. om die hulp van Gaika teen die Engelse in te roep. Daarvan het gelukkig niks gekom nie, en ook die ander maatreeks van die samesweerders, die vergaderings wat hulle gehou en die agente en sirkulêres wat hulle rondgestuur het, het op slot van sake tog geen enkele boer daartoe gebring om 'n skoot teen die regeringstroepe te skiet nie.

Onmiddellik na die aankoms van Oertel in Kaapstad met die berig van die vrystelling van Van Jaarsveld het Dundas,

die agerende goewerneur, 'n sterk trêpemag van Engelse soldate en Pandoers na Graaff-Reinet gestuur. Een afdeling onder generaal Vandeleur, die algemene bevelvoerder, het deur Swellendam gemarsjeer, terwyl die res in twee skepe na Algoabaai vervoer is. Vandeleur vind die mense in die oostelike deel van Swellendam baie ontevrede en geneig tot opstand, maar hulle belemmer nie sy optog nie. Intussen is die troepe wat oor see gegaan het in Algoabaai aan wal gesit, en hulle sluit hul daar by Vandeleur aan. Hy slaan nou die weg na die noorde in, en op 19 Maart 1799 bereik hy die drosdy van Graaff-Reinet. Nêrens is weerstand gebied nie. Intendeel 'n kommando Sneeubergers heet die Engelse bevelvoerder welkom, en Willem Prinsloo verskyn met 'n versoek van die opstandelinge om vergiffenis. Vandeleur eis hulle onvoorwaardelike onderwerping, en selfs daartoe was hulle bereid. Binne 'n paar weke het die groot meerderheid van die sowat 160 burgers, wat by die sameswering betrokke was, op Marthinus Prinsloo se plaas en elders die wapens neêrgelê. Die meeste het met 'n klein boete daarvan afgekóm, maar Marthinus Prinsloo, Adriaan van Jaarsveld en sestien ander leiers is na Algoabaai en van daar per skip na die Kasteel gebring. Coenraad Buys en Jan Botha met 'n stuk of vyf onversoenlikes het weer in Kafferland by Gaika veiligheid gesoek. Die rebellie wat eintlik nooit begin het nie, het so sy end gekry, maar sy nasleep sou bitter en treurig wees.

§ 4. Kaffer en Hottentot op die Oorlogspad.

Generaal Dundas se besluit om op die oosgrens, die terrein van die stryd tussen Boer en Barbaar, Pandoers teen die koloniste te gebruik, het noodlottige gevolge gehad. Onder die Hottentotbediendes van die veeboere het die tradisie en selfs reste van die stamverbande nog voortgeleef. By hulle tref ons ook nog altyd die opvatting van Harry en sy vriende aan, nl. dat *hulle*, die regmatige, oorspronklike besitters van die grond, deur die blankes verdring is, 'n opvatting wat juis in hierdie tyd opnuut versterk is. Barrow tog het vir die leer van Maynier offisiële bekragtiging verkry, en in die begin van 1799, soos ons nog sal sien, het dr. Van der Kemp sy sendingwerk op die oosgrens begin. Honderde kleurlinge, sommige omdat hulle klagte had, maar almal in die eerste plek wel omdat die verhoogde status van hulle gewapende rasgenote baie aanloklik was, verlaat die diens van hulle base en vergesel die Engelse leër. Wel-dra was daar by 'n 700 in Graaff-Reinet versamel, en Vandeleur het uit hulle 'n honderd vir sy Pandoers gerekruteer. Ons kan

ons moeilik voorstel wat die uitwerking van hierdie gebeurtenisse op die gemoedere van die grensboere was. Die geloof dat die Engelse die kant van die inboorlinge teen hulle kies, het hulle meer en meer verbitter, en die verdere afloop van die grensmoeilikhede kon hierdie oortuiging alleen versterk.

In Februarie 1799 vlug Slambie uit Gaika se kraal oor die Visrivier. Die Kaffers in die Suurveld, met die uitsondering van die Goenoekwebe, stel hulle onder sy leiding, en 'n nuwe oorlog tussen die Rarabe-opperhoof en sy oom breek uit. Juis in die tyd dus, toe 'n onderlinge stryd tussen die blankes gedreig het, en onverantwoordelike persone soos Coenraad Buys die hulp van Gaika wou inroep, was sy vyande binne die grense van die Kolonie baie aktief en kry die Suurveldkaffers 'n goeie ekskuus en 'n uitstekende geleentheid om hulle rooftogte teen die boere uit te brei. Nieteenstaande die teenwoordigheid van die groot Britse leërmag kon hulle dit waag, want dit het gou geblyk dat Vandeleur sy soldate nie sou gebruik om die grens te suiwer nie, en dat uit sy onmiddellike omgewing die Kaffers belangrike ondersteuning sou aanworf. Self uitdagende aanvalle op Vandeleur se manskappe, waarin Engelse soldate gesneuwel het, kon die regering nie beweeg om met die groot militêre mag, wat direk beskikbaar was, die deurslag in die stryd te gee en die vrede op die basis van die jaar 1781 te herstel nie.

Terwyl Vandeleur op die terugmars van Graaff-Reinet na Algoebaaï was, het die Goenoekwebe, onder die indruk dat die wit soldate hulle oor die Visrivier kom ja, in die bosryke streek by die onderloop van die Visrivier die Engelse met 'n assegaai-reent begroet en 'n sestiental onder luitenant Chumney vasgekeer en uitgemoor. Verdere aanvalle is maklik afgeslaan, en baie van Koengwa se volgelinge het in die slag gebly, maar Vandeleur maak geen gebruik van die behaalde voordeel nie en slaan sy kamp in die nabyheid van Algoebaaï op. Teenoor die dreigende gevaar van 'n Kafferinval ag hy dit egter tog raadzaam om die boerekommando's op te roep maar kosbare tyd het verlore gegaan, en voor die Swellendamers onder Tjaart v. d. Walt en die Graaff-Reineters onder Hendrik v. Rensburg hulle operasies kon begin, het die strooptogte van die naturelle reeds 'n ongekeende omvang en betekenis gekry. Die eintlike Pandoers het getrou gebly, maar die ander „vrygemaakte" Hottentots, waarvan daar honderde by die Engelse kamp was, verlaat nou hulle vriende en, sterk aangeswel deur verdere toeloop van die plase, organiseer hulle hul in drie afdelings onder Klaas Stuurman, Hans Trompetter en Boesak, en maak gemene saak met die Kaffers.

GESKIEDENIS VIR SUID-AFRIKA.

In Junie 1799 staan die boerekommando's op die Boesmansrivier. Vandeleur wou hulle toelaat om die Kaffers uit die Suurveld te ja. Generaal Dundas het sy verlof tot die plan nie geweier nie, maar hy was sterk onder die invloed van manne soos Barrow en Maynier, en in sy instruksies beklemtoon hy sy wens dat die oorlog nie uitgerek of oor die Visrivier moes gedra word nie, en dat Vandeleur „by conciliatory means, by ambassadors, by presents, and by promises” vir Gaika, as hoof van die stamme, moes bewys dat die regering liefs die vrede wou bewaar. Wat te verwag was, het gebeur. Die hande van die boerekommandante was gebind en die oormoed van die Kaffer-Hottentot-kombinasie het eindelik geen perke geken nie. Toe Augustusmaand begin, was byna al die boere-wonings suid van die drosdy van Graaff-Reinet, waar Bresler met 'n klein troepemag hom ook gladniegerus gevoel het nie, tot aan die Gamtoosrivier verwoes en afgebrand, en die grootste gedeelte van die veestapel in hierdie dele, perde, beeste en skape, was geroof. Die bevolking wat, as gevolg van regeringsmaatreëls in verband met die Van Jaarsveld-rebellie, nie goed van ammuniesie voorsien was nie, (Barrow het in Maart 1799 spesiaal na Swellendam gegaan „with a view of preventing any supplies of gunpowder from reaching the rebels”), soek intussen in laers veiligheid, maar sowat dertig blankes het nie daarin geslaag om aan die moordlus van die barbaarse vyande te ontkom nie. Teen die middel van Augustus was die vuur uitgebrand. Die land was leeg geplunder en verwoes, en die indringers val terug op hulle strategiese basis, die Suurveld, waar digte bosse en klowe vir hulle en hul buit pragtige skuilplekke bied. 'n Deel van die geroofde vee het egter in Gaika se krale te lande gekom. Hy, nes Oedasoa van ouds, het 'n welwillende neutraliteit teenoor die blankes aangekondig, maar dit het hom nie verhinder om in die geheim aan vriendskaplikgesinde onderhoofde oorkant die Visrivier teen 'n konsiderasie bêreplek vir hulle buit te verskaf nie.

Geen man wie se verstand nie hopeloos deur vooroordeel benewel was nie, kon lank aan die grensstryd deelneem sonder om uiteindelik dinge in hulle regte verhouding te sien nie. Barrow, wat sy reis uit Swellendam na Graaff-Reinet en die grens voortgesit het en 'n ooggetuie van die gebeurtenisse daar was, is slegs weer versterk in sy opinie dat die boere al die skuld moes kry, maar generaal Vandeleur spreek dit oplaas as sy oortuiging uit dat toegewendheid alleen die Kaffers in hulle kwaad sou versterk „and (that) nothing but a sound drubbing will bring these savages to any reason.” As sake in sy hande

gelaat was, sou die gewenste afranseling dan ook miskien gevolg het, maar nou verskyn die agerende goewerneur self op die toneel. Hy was deur Barrow ingelig, en hy bring vir Maynier saam — om vrede te maak. Generaal Dundas het dadelik weer die kant van die Kaffers gekies. Hy noem die boere „a troublesome and difficult race . . . the strongest compound of cowardice and cruelty, of treachery and cunning, and of most of the bad qualities, with few, very few, good ones of the human mind.” By sy aankoms op die grens in September, was die militêre mag van die blankes baie sterk. Drie groot boerekommando's uit Stellenbosch, Swellendam en Graaff-Reinet, met 'n aansienlike troepemag om hulle te steun, was in die veld, en dit was in die vermoë van die hoogste gesagvoerder in Suid-Afrika, die man wat die welsyn van die nuwe onderdane van die Engelse koning moes behartig, om die politieke afskeiding tussen Boer en Bantoe en so ook die rus in die Kolonie te herstel. Dundas het dit nie gedaan nie. Hy het teen die moeilikhede van die taak opgesien, en hy wou veral ook nie die Kaffers onbillik of onvriendelik behandel nie. Die oorlog is nie voortgesit nie. Besprekings met die Hottentot- en Kafferhoofde is aangeknop, en op hulle belofte dat hulle hul voortaan tot die Suurveld sou beperk, is hulle met geskenke beloon en in rustige besit van hulle hele buit gelaat. In Oktober 1799 was Maynier, die vrede-stigter, klaar met sy werk, en die boere, met die ontbinding van die kommando's, kon na hulle verwoeste wonings en leë vee-krale terugkeer. Ook die Engelse generaals met hulle leer aanvaar nou die terugtog Kaapstad-toe. Aan Bresler is egter 'n aantal dragonders en Pandoers afgestaan, en op die kus van Algoabaai is 'n sterk fort, Fort Frederick, is 'n grenswag van 350 soldate, agtergelaat.

Die verslaentheid en onmag van die oostelike grensbewoners was vir 'n tyd so groot, dat daar 'n soort rus onder hulle geheers het, waarvan veral hulle vyande die voordeel kon trek. Om hulle beker te laat oorloop, kom teen die end van die jaar 1799 groot swerms sprinkane, wat die veld kaalvreet, en word ook 'n tweede, byna ewe groot plaag aangekondig: Maynier, wat intussen, „as a reward for his very meritorious services,” deur Dundas tot regter en boekhouer van die leningsbank verhoog was, kry van sy bewonderaar en weldoener die aanstelling tot Resident-Kommissaris in die distrikte Swellendam en Graaff-Reinet. Uit die drosdy van Bresler sou hy voortaan met byna landvoogdelike volmag op sy eie manier oor die belange van die geteisterde grensboere waak, — totdat hulle, deur sy filan-

tropiese mania weer in 'n afgrond gedompel, hom finaal uit hulle landpale sou verwyder.

Uit die tyd van Dundas se besoek het iets oorgebly wat vir die mense van Graaff-Reinet 'n daaglikse pyniging en beleëding was. Hy het hulle kerkgebou as 'n barak vir die Pandoers in beslag geneem. Hierdie voortgesette blyk, so is dit opgevat, van die hoë dunk wat die regeringsmense van die Hottentot gehad het en van hulle minagting vir die heiligste gevoelens van die blank koloniste, is versterk deur die vonnisse wat die Hoë Geregshof in Kaapstad teen die end van 1800 oor die leiers van die Van Jaarsveld-rebellie gevel het. Marthinus Prinsloo en Adriaan van Jaarsveld is tot die dood veroordeel, twaalf tot ballingskap, en twee tot 'n paar jaar tronkstraf; slegs twee is vrygestel. Dit strek sir George Yonge, wat destyds goewerneur was, tot eer dat hy nog twee laat loop het en die voltrekking van die doodvonnis aan die twee hoofaanvoerders en die verbanningsdekrete nie wou onderteken sonder spesiale instruksie van die Britse Minister van Kolonies nie. Die bevel het later wel gekom dat die vonnisse moes uitgevoer word, maar toe was Dundas weer agerende goewerneur, en hy het dit wenslik geag om die veertien veroordeeldes slegs in hegtenis te hou. Die gevangenisstraf was vir hierdie pioniers dan ook reeds swaar genoeg, en Adriaan van Jaarsveld het daaronder beswyk en in die kasteel gesterf. Die res is na die oorgawe van die Kaap aan die Bataafse Republiek weer op vrye voet gestel; maar hoe seer die harde uitspraak van die Hoë Geregshof uiteindelik tog versag is, die behandeling van wit mense, wat alleen van opstand gepraat het, in vergelyking met die versoenende politiek van die regering teenoor Hottentots en Kaffers, ook inwoners van die Kolonie, wat met moord en verwoesting 'n hele distrik geruïneer het, is as baie onregverdig beskou, ook in kringe wat vroeër weinig gevoel vir die lastige grensbewoners gehad het.

Vanaf Julie 1801 begin dit weer in Graaff-Reinet te roer. Die drosdy was die toevlugsoord van Hottentots wat misdade gepleeg of om ander redes uit die diens van die boere getree het. By Maynier en sy Pandoers was hulle veilig. Die Hottentotsoldaat, nou verwant aan die rowerbendes wat die distrik onveilig gemaak het, was die handhawer van wet en orde; die blank grensbewoner was daarvoor, volgens Maynier, te lafhartig en te wreed. Die uitwerking van hierdie politiek was natuurlik allertreurigs; en by die toenemende rooftogte van die Kaffers wou die boere die reg hê om die spoor van gesteelde vee na 'n kraal te volg en om daar desnoods met Kafferbeeste hulle

verliese te vergoed. Maynier het sulke maatreëls, waartoe lord Charles Somerset later onder soortgelyke omstandighede tog sy toevlug moes neem, streng verbied. Die verste wat hy wou gaan, was om 'n boer toe te laat om op veediewe wat juis aan die steel was te skiet, maar hulle mag nie vervolgd word nie. Vir die res het hy na 'n bedreigde kolonis wat kla Pandoers gestuur, en hom dus boonop nog beledig. Af en toe verskyn gewapende burgers en bedreig die setel van die gevolgmagtigde kommissaris, en in Oktober 1801 'n sterk kommando onder kommandant Hendrik van Rensburg, vroeër 'n ondersteuner van die regering. Die burgers waag egter nie 'n aanval op die verskanste garnisoen nie; heen en weer is 'n bietjie geskiet, sonder dat iemand gekwes is, en Van Rensburg neem toe posisie op 'n heuwel buitekant die dorp.

In die tussentyd het Maynier berigte na Kaapstad deurgekry, en generaal Dundas stuur onmiddellik 'n aansienlike troepemag onder majoor Sherlock na Graaff-Reinet, met 'n opdrag egter wat vir Maynier nie vleierend was nie. Van alle kante het petiesies teen sy bewind die agerende goewerneur bereik. Getroue ondersteuners van die regering, soos Tjaart van der Walt en die Sneebergers, het skriftelik hulle sterk afkeuring van die grenskommissaris se politiek aan Dundas bekend gemaak, en selfs ds. Vos. van Rodesandskerk, wat in hierdie tyd Graaff-Reinet besoek het, was dit met hulle eens. Almal het daarop aangedring dat Maynier teruggeroep moes word, en Dundas se instruksies was dan ook dat Maynier na Kaapstad moes kom om die klagte teen hom te verantwoord, en dat Bresler met sy heemrade soos voorheen die administrasie van die grensdistrik moes behartig. Verder is bepaal dat majoor Sherlock en sy mede-offisiere, majoor Abercrombie en luitenant Smyth, voorlopig die hoogste gesag daar sou voer en 'n ondersoek omtrent die oorsake van die moeilikhede sou instel.

Die Engelse militêre kommissie, sterk deur troepe gerugsteun, het teen die end van November 1801 in Graaff-Reinet aangekom. Die toestand was soos vroeër aangedui. Die garnisoen hou nog uit maar was byna uitgehonger, want die boere uit hulle laer buitekant die dorp het die toevoer van prowiand afgesny. In die distrik het die grootste wanorde geheers. Die Kaffers was baie woelig, en groot troppe Hottentots het heen en weer getrek, geplunder en gemoor. Kort voor die aankoms van die Engelse het b.v. die heemraad Stefanus Naude en sy vrou op 'n plaas, twaalf myl van die dorp, onder hulle wrede hande gesterf.

Majoor Sherlock het dadelik onderhandelinge met die op-

GESKIEDENIS VIR SUID-AFRIKA.

standige burgers aangeknoop, en sodra hulle verneem dat Maynier sy ontslag gekry het, was hulle gereed om saam te werk tot die herstelling van wet en orde. Hulle verset was nie teen die regering nie, maar alleen teen Maynier, wie se naturelle-politiek hulle verblyf in die grensdistrik feitlik onmoontlik sou maak. Met die Hottentots, die beskermlinge van Maynier, het die Engelse offisiere veel meer moeite gehad. 'n Poging is aangewend om die swerwende rowers 'n vaste woonplek te gee en onder toesig te stel. Dr. van der Kemp was destyds juis in Graaff-Reinet woonagtig, want sy werk onder Gaika se Kaffers het misluk, o.a. omdat Gaika se eerste minister, Buys, hom nie daar wou hê nie, en die teleurgestelde sendeling het Kafferland verlaat en die Hottentots onder die vlerke van Maynier begin bearbei. Aan Van der Kemp is nou opgedra om sy kudde na 'n plaas op die Swartkopsrivier, wat spesiaal vir hom uitgesoek is, te voer en hulle daar tot deugsame lede van 'n kristelike samelewing op te voed. Onder die heersende omstandighede sou geen sendeling dit waarskynlik reggekry het nie; die Hottentots was te verwilder en die Kaffergrens te naby; maar Van der Kemp was ook baie ongeskik vir die moeilike taak wat hy aanvaar het. Hy was 'n groot idealis, seker een van die suiwerste wat ooit in ons land verskyn het, maar in sy geval sal ons juis sien, hoe 'n idealisme wat nie met die werklikheid rekening hou nie, onheile kan veroorsaak. En ons sal nog 'n verdere wysheid leer, één van die belangrikste lesse van die geskiedenis, nl. dat ons nie noodsaaklik aan die eerlike oortuiging van 'n politieke teenstander hoef te twyfel om sy politiek te beveg nie, maar, intendeel, dat hy juis omdat hy eerlik en ernstig is, des te gevaarliker kan wees; m.a.w. ons hoef Van der Kemp nie 'n skurk te noem (hy was dit ook nie!) om sy koms hierheen in baie opsigte as 'n vloek vir Suid-Afrika te bestempel nie.

Dr. van der Kemp is in Nederland uit 'n goeie famielie gebore. Hy het met De Mist aan die Universiteit van Leiden gestudeer en groot bekwaamheid aan die dag gelê. Hy voltooi sy mediese opleiding in Edinburgh en praktiseer 'n tydlang as dokter in sy vaderland. Volgens sy eie verklaring was hy in sy jeug wild en goddeloos, maar in 1791 toe hy vier-en-veertig jaar oud was, kom daar 'n groot verandering in sy lewe. Sy vrou en dogter verdrink voor sy oë by die omslaan van 'n boot in die Maas, en die skok lei tot sy kragdadige bekering. Hy wy hom nou aan die studie van die teologie, en waar hy vroeër reeds 'n groot bewonderaar van Rousseau se filosofie was, gaan hy nou heeltelmal in die nuwe gevoelgodsdienste op. In hom vind

'n wonderlike en onheilspellende samesmelting van die leer van Rousseau en die Evangelie van Kristus plaas, en hy brand van verlange om aan die sedelik-onbedorwe natuurkinders die lig van die Kruis te bring. Hy bied die Londense Sendinggenootskap sy dienste aan, en soos ons weet, was hy een van die eerste drie sendelinge van dié liggaam wat na Suid-Afrika gekom het. Dat die Kaffers minder ontvanklik onder die prediking van die Woord geblyk het, het hom nie mismoedig nie. Buys en sy vriende was tog die oorsaak daarvan; en nou sou hy die geleentheid hê om sonder sulke giftige inmenging sy werk onder die Hottentots voort te sit.

Van die staanspoor af het dinge 'n verkeerde loop geneem. Majoor Sherloek het sy bes gedaan om die rondswerwende Hottentots onder Van der Kemp se leiding na die sendinglokasie op die Swartkopsrivier te laat gaan, maar op die pad daarheen het die groot meerderheid van die mans weer gedros, en met 'n uitgedunde geselskap van 'n paar honderd persone, meesal vrouens en kinders, het die vroom filantroop in die begin van 1802 sy bestemming bereik. Hy het sake daar na die sin van sy gemeentelede ingerig. Hulle „onbedorwe, natuurlike” neiginge, (en ons weet dat reeds volgens Van Riebeeck se bevinding, jolige onbekommerdheid, luiheid, smerigheid, rooflus en oneerlikheid hulle vernaamste kenmerke was) sou die rigskoer van sy politiek wees; en die lokasie was dan ook weldra 'n broeiplek van al dié ondeugde en 'n toevlugsoord vir swerwelingen.

Die meer stryd lustige vriende van Van der Kemp se gemeentelede, onder Klaas Stuurman en ander leiers, het intussen uit hulle skuilplekke langs die onderloop van die Sondagsrivier hulle strooptogte voortgesit. Die kastyding van hierdie rusverstoorders deur Engelse troepe was egter nie 'n deel van die opdrag van die Engelse offisiere nie; dit was die boer se werk, en so vind ons dan dat, terwyl 'n militêre kommissie die klagtes teen Maynier ondersoek en hom vryspreek, sodat hy weer 'n invloedryke posisie in Kaapstad beklee, die burgers van Swellendam en Graaff-Reinet opgeroep is om die bitterste vrugte van sy wanbewind te pluk en die oostelike Suurveld van rowers te suiwer. Die oproep het weinig weerklank gevind, en T'jaart van der Walt moes in Februarie 1802 met 'n kommando van skaars tagtig man die moeilike taak aanvaar. Die onverskrokke ou kommandant het nie vir gevare teruggedeeins nie, en selfs die dood van sy twintig-jarige seun, wat in 'n geveg gesneuwel het, het nie sy blik verduister of sy hand laat verslap nie; maar na 'n reeks van bosgevegte, waarin die oormag van

met gewere gewapende Hottentots uiteindelik tog die voordeel behou het, was die hopeloosheid van hierdie sleg-voorbereide en -ondersteunde kampanjie selfs vir hom duidelik, en hy en sy manskappe het na hulle plase teruggekeer.

'n Verskriklike tyd het nou weer aangebreek. Die Hottentots met hulle Bantoebondgenote het 'n nuwe groot aanval ge- waag en tot ver oor die Gamtoosrivier deurgedring. Die be- kende tonele van verwoesting en moord het hul op 'n nog uit- gebreider skaal herhaal. Die grensbewoners moes weer laers trek; en so algemeen was die skrik, dat Van der Kemp na Fort- Frederiek gevlug het en die toeboorders van ds. Vos in Rode- sandskerk, op 'n vals alarm dat die Hottentots aan die kom was, die kerkvensters stukkend geslaan het om gou (ons sal hulle dapperheid nie in twyfel trek nie) hulle roers te gaan haal. Die goeie Rooisanders was gelukkig onnodig haastig. Die Hottentots, wie se deurtog al die konsternasie veroorsaak het, was 'n afdeling vreedsame Pandoers.

Teen die middel van die jaar 1802 was die oostelike dele van die kolonie in so 'n haglike toestand, dat die regering, hoe gevoelloos dit ook teenoor die belange van die boere mog staan, sake nie verder hulle gang kon laat gaan nie, en die Engelse bevelvoerder het ook nog 'n besondere rede gehad om 'n laaste poging tot die verwydering van die binnelandse anargie aan te wend. Kort tevore het Dundas verneem dat hy die Kaap aan die verteenwoordigers van die Bataafse Republiek sou moet oorhandig, en die Britse eer was natuurlik daarmee gemoei, in watter toestand die gebied wat Craig vir die stadhouer in be- skerming geneem het, weer afgegee sou word. Onder sulke om- standighede sal dit enigsins ons verbasing wek, dat Dundas se maatreëls nog altyd so weinig energie geopenbaar het, maar ons moet onthou dat hy juis aan 'n goedkoop en snel verkrygbare vrede die voorkeur moes gee, en dat sy natuurlike-eksperte, May- nier en Barrow, hom teen hulle harde behandeling van die on- skuldige inboorlinge sou waarsku. Dit was dan ook geensins sy plan om die Kaffers uit die Suurveld te laat ja nie. Hy wou alleen die Hottentotgevaar verwyder, en sy instruksies aan majoor Sherlock in Graaff-Reinet was om dit, indien enigsins moontlik, op 'n vreedsame wyse te bewerkstellig. Dr. van der Kemp sou eers met die volgende voorstelle na Klaas Stuurman gaan: Die Hottentots moes al die gesteelde vee, wat nog nie geslag was nie, en al hulle gewere en ammunisie by Fort-Fre- deriek afgee; die gevaarlike organisasie onder hoofde moes ver- dwyn; die mans moes of regeringsoldate word, of in die diens van die boere tree, of in Van der Kemp se lokasie gaan woon;

dáár sou verder almal, mans, vrouens en kinders, vir 'n jaar lank op regeringskoste gevoed word; ook grond, ploë en saadkoring sou kosteloos aan hulle verskaf word; alleen 'n paar werklike moordenaars sou gestraf word, maar vir die rowers in die algemeen het 'n blye vooruitsig van sorglose welvaart toegelag. Dit het natuurlik byna onmoontlik gelyk dat hierdie vredesvoorwaardes nie aangeneem sou word nie; maar as dit tog die geval was, dan eers kon Sherloek die boerekommando's wat intussen in Swellendam en Graaff-Reinet opgeroep is, toelaat om teen Stuurman en sy Kosavriende op te ruk.

Die onverwagte het gebeur; die Hottentots wou hul nie onderwerp nie; en in Junie 1802 begin Tjaart van der Walt sy laaste veldtog in die bosse van die Sondagrivier. Onder ontsettende moeilikhede het die burgers daarin geslaag om, sonder aansienlike eie verliese, 230 rowers dood te skiet en 13,000 beeste buit te maak; maar dit was veral die sedelike erns en krygsmantalent van Tjaart van der Walt wat hulle tot soveel kraginspanning aangevuur het; en toe, op 8 Augustus, 'n vandelike koeël hom naby die Koegarivier dodelik tref, het 'n groot omkeer ingetree. Die gesneuwelde held, 'n waardige voorganger van die groot Voortrekkerleiers, is wel deur sy eerste ondergeskikte, Philippus Rudolf Botha, as kommandant opgevolg, maar die burgers het nie soveel vertroue in hom gehad, dat hulle die moeilike werk wat nog voorgelê het onder sy leiding wou voortsit nie. Hulle begin dus onmiddellik die terugtog en ry na hulle plase.

Die agweekse veldtog van die boerekommando's was egter nie vrugteloos nie. Klaas Stuurman en sy bondgenote het gevoelige verliese gely en jelik geskrik. Selfs die onvoltooide werk van Tjaart van der Walt het 'n sekere mate van rus en veiligheid aan die geteisterde boere gegee, en Maynier kon dus weer kom vrede sluit. Hy verskyn in September met generaal Dundas op die grens, maar sy rol was tog uitgespeel, want verreweg die meeste van die Hottentothoofde wou op sy voorstel, dat hulle met hul volgelingen hom na Kaapstad moes vergesel om daar 'n vreedsame bestaan te voer, nie ingaan nie, en die agerende goewerneur het op slot van sake geen groot belangstelling in sy vredesplanne aan die dag gelê nie. Die enigste vrede wat vir Dundas nou nog geïnteresseer het, was die Vrede van Amiens. Kommissaris De Mist, wat die Kaap vir die Bataafse Republiek moes kom oorneem, sou nie meer lank op hom laat wag nie, en Dundas wou al die Britse troepe klaar vir inskeping in Kaapstad vergader. En toe hy die nodige

maatreëls hiervoor getref het, toe die garnisoen van Graaff-Reinet en die besetting van Fort-Frederick op weg na Kaapstad was, het die Engelse bevelvoerder met sy geselskap ook die grens verlaat.

Vir die grensboere was hierdie afskeid nie pynlik nie. Van die Engelse troepe het hulle tog nooit enige ondersteuning in hulle stryd teen die Hottentots en die Kaffers gekry nie; en dat Dundas hulle toegelaat het om weer kommando's te vorm om orde op die grens te probeer bewaar, was iets om voor dankbaar te wees. Dit was dan ook nodig, want verspreide rowerbendes het nog altyd las gegee, en tot by die Kaaimansrivier, naby die teenswoordige George, is plase verwoes en mense vermoor. In Februarie 1803, egter, het die kommandoleiers met die inboorlinghoofde tot 'n verstandhouding gekom. Suurveldkaffers en die Hottentots het belowe om hulle rooftogte te staak. Toc die Bataafse driekleur op die kasteel gehys is, was daar dus werklik vrede op die grens; maar dit was 'n vrede, deur Boere-bloed gekoop en deur Boere-wapens tot stand gebring.

§ 5. Die Noordgrens.

Teen die end van die agtiende eeu het die oosgrens die stormsentrum van ons geskiedenis geword, en tot die tyd van die Groot Trek sal ons vind dat die botsing van die oostelike veeboerpioniers met die Kosas in die Suurveld en op die walle van die Visrivier gedurig ons aandag van ander gebeurtenisse en ontwikkelingsrigtings aftrek. Met die Groot Trek word die groot konflik tussen Boer en Barbaar na die noorde verlê, en dáár, langs die Toegélarivier, tussen die Oranje en die Limpopo en op die walle van die Molopó, kry dit so 'n uitbreiding en so 'n ingewikkelde betekenis, dat dit vir byna nog 'n halwe eeu oor-en-oor as 'n hoofsaak op die voorgrond tree. Ons nader nog nie die tyd van hierdie belangrike verskuiwing na die noorde toe nie, maar in die eerste Engelse tydperk tree 'n paar van die faktore wat in die noordelike konflik werksaam sal wees, reeds te voorskyn, en dit is in die gees van ons historiese opvatting dat ons hulle in hul eerste verskyningsvorm moet naspoor.

Dit is eintlik onjuis om van 'n noordgrens van die Kolonie aan die begin van die neëntiende eeu te praat. Die Oosindiese Kompanjie het nooit probeer om dit af te baken nie. Dieselfde beginsel wat tot die jare tagtig van die agtiende eeu in die praktyk na die ooste toe gevolg is, nl. dat die verste erkende

leuingsplaas die grens aangedui het, is ook hier toegepas. Lord Macartney het wel in Julie 1798 'n poging aangewend om sy regeringsgebied na alle kante toe duidelik te bepaal. Volgens sy proklamasie sou die oostelike grens wees: die Visrivier tot by die Kagaberg en van daar oor Tarkaberg langs die Bamboesberge en die Suurberg na van Plettenberg se baken, terwyl die noordelike lyn van hier sou loop oor Groot Tafelberg na die Nuweveldberge en onder die noordelike hange van hierdie bergreeks en van die Rôeveldberge om die bolope van die Sakrivier, die Riet- en die Visriviere in te sluit, oor Kobiskoukop na die Buffelsrivier en sy mond. Hierdie noordelike afgrensing was egter onduidelik en geensins 'n weerspieëling van die werklike kolonisasie nie, want toe Macartney se proklamasie uitgevaardig is, het die boere reeds ver anderkant die Nuweveldberge met hulle vee gestaan, en geen bevel uit Kaapstad sou hulle laat terugkeer nie.

Die uitbreidingsterrein van die noordelike pioniers was veel minder deur die natuur geseën as dié van hulle oostelike stamgenote, maar in die geskiedenis is die wet van kompensasie nie onbekend nie, en vir die mense wat oor die droë vlaktes na die Oranjerivier begin afsak het, was daar nie 'n naturelle gevaar, enigins vergelykbaar met dié op die oosgrens nie. Die belangrikste vyand van die Witman hier was nog altyd die Boesman, maar die certyds-gevreese struikrowers, teen wie die boerekommando's so goed in die krygskuns geoefen is, dat hulle vir die Bantoe „suffisant" was, het die veeboer se opmars nie meer veel gestrem nie. 'n Eeu van vernietiging het die Boesmans uitgedun, en waar hulle nou hulle natuurlike skuilplekke in die berge kwyt was, het hulle vyande des te gemakliker die oorhand oor hulle gekry. Ons hoor wel nog van hulle rooftogte en moordaanvalle, en af en toe trek 'n kommando teen hulle op, maar ons verneem ook van uitgehongerde klompies, die treurige oorblyfsels van groot hordes, aan wie die boere uitjammerte en om hulle stil te hou, kos gee.

Die blank koloniste was egter nie alleen verantwoordelik vir die gedeeltelike uitroeiing van die Boesmans nie. Ons sal ons herinner dat in ons suidwestelike binneland uit Hottentots, gedroste slawe en blank deserteurs 'n aansienlike basterbevolking gevorm is, en dat uit hierdie verbasteringskol enigins georganiseerde groepe na die noorde getrek het. Sommige van hierdie groepe, soos b.v. die Namakwas, die Korannas en die Griekwas, was min of meer direkte voortsettings van ou bekende Hottentotstamme; maar in almal, en veral onder die twee laasgenoemde stamme, was die basterelemente sterk ver-

teenwoordig. Ons sal ons ook herinner dat in die eerste helfte van die agtiende eeu, in die tyd van Barbier b.v. daar skynbaar 'n mate van samewerking tussen die Boesmans en die ander gekleurde bewoners van die genoemde verbasteringskol bestaan het. Hierdie samewerking, as dit ooit voorgekom het, het in elk geval nie voortgeduur nie, die verbasterde Hottentots met hulle kennis van vuurwapens was uiteindelik baie gevreesde en onversoenlike vyande van die Boesmans, en in 1792 het Afrikaner, 'n Namakwahoor, die koloniste teen die lastige dwergvolk by die Sakrivier gehelp.

Nou wou die toeval dit hê dat met die koms van die Engelse die natuurlike-probleem op die oosgrens, grotendeels as gevolg van hulle politiek, nie alleen baie lastig en ingewikkeld geword het nie, maar dat in hierdie tyd ook 'n nuwe gevaar in die noorde opdoen. Sommige van die Hottentots en basters op die noordgrens begin rooftogte te onderneem, en dit was juis die pas-genoemde Afrikaner, wat in hierdie rigting baie bedrywig geword het. Sy skuilplek was 'n eiland in die Oranjerivier, en van hier uit het hy en sy vrybuiters honderde myle ver, in alle rigtings, onder blankes en gekleurdde geplunder en gemoor en die verdelgingsoorlog teen die Boesmans voortgesit. Die Griekwas, wat destyds onder 'n hoof, Kornelis Kok, op 'n plaas by die Kamiesberg gewoon het, was 'n swak basterstammetjie en moes veel van Afrikaner verduur. Hulle het die hulp van die blankes teen hom ingeroep, en 'n kommando is in 1799 teen hom gestuur, maar die sluwe rowerkaptein het hom nie laat vaskeer nie, en sy bure sou nog jarelank van hom las hê.

Dié beeld van verwarde, onderlinge stryd, dié toestand, 'n mens kan byna sê, van *bellum omnium contra omnes* ('n oorlog van almal teen almal), wat in weerwil van die filantropiese leerstellings, onder die natuurkinders op die walle van die Visrivier en die met slawe- en blanke-bloed veredelde Hottentots van die noordgrens geheers het, vind ons dan nog sterker geaksentueer in die gebied noord van die Oranjerivier. Die Korannas wat kort tevore hierheen getrek het, het tot hulle skade met Afrikaner kennis gemaak; maar hulle was self as stam geen vriendskaplike eenheid nie, want hulle eie hoofde, die Taaibosse en Jan Blom, die baster, het dikwels met mekaar in stryd verkeer. Vir die afwisseling het hulle dan ook nog af en toe met die voorposte van die binnelandse Bantoe-opmars, die Barolongs onder Tao tussen Koeroeman en die Hartrivier, en die Batlapins, wat 'n bietjie verder suid gewoon het, slaagsgeraak.

Met die noordelike natuurlike-probleem het die Engelse rege-

ring hom nog minder ingelaat as met die oostelike. Daar was trouens ook nog geen dringende rede voor nie. Belangrike inligting omtrent toestande in ons noordelike binneland is egter in hierdie tyd versamel. Boere-jagters en -veehandelaars was reeds lank bekend met die Bantoebevolking van Betsjoeanaland, en vanaf 1799 het Kicherer en Anderson, sendelinge van die Londense Sending-Genootskap wat langs die Sakrivier en selfs noord van die Oranjerivier pionierswerk begin het, ook daartoe bygedra om die sluier oor hierdie dele te laat opgaan. Gerugte omtrent die veerykdom van die Griekwas, die Hottentotnaam vir die Betsjoeanas, het langs sulke weë Kaapstad bereik, en in 1801, toe die vleestoevoer as gevolg van die verwoesting van die oostelike grensdistrik baie klein geword het, is 'n regeringskommissie, bestaande o.a. uit Pieter Jan Truter, 'n Anglomane lid van die Hoë Geregshof, dr. Somerville, Petrus Borchardus Borchards en Daniell, die beroemde skilder van Afrikaanse diere en landskappe, oor die Oranjerivier gestuur. Hulle opdrag herinner ons aan die ekspedisies van Jan van Riebeeck na die land van Monomotapa; hulle moes gaan vee ruil en inligting versamel. Van die eerste doel van die opdrag het nie veel gekom nie, want slegs 'n twee honderd beeste is teruggebring, maar die reisigers het tot in die gebied van die Barolongs deurgedring en kon veel belangrike nuus omtrent die verskillende stamme, hulle onderlinge verhouding, die werk van die sendelinge, ens. meedeel. Op hulle terugkeer het hulle 'n aantal Hottentots en basters onder Adam Kok, die seun van Kornelĳ Kok, by 'n mislukte aanval op Afrikaner vergesel.

§ 6. Die Ekonomiese Ontwikkeling.

Volgens die kapitulasie-voorwaardes en die proklamasies van Craig is o.a. aan die koloniste belowe: (1) dat die papiergeld sy waarde sou behou, (2) dat met die opheffing van alle monopolies en restriksies die binnelandse handel vry sou wees, (3) dat geen nuwe belastings sou ingevoer word nie, en (4) dat in die algemeen 'n tyd van materiële welvaart kon verwag word.

Ons sal nou nagaan of hierdie mooi skema verwesenlik is. (1) Die eerste vereiste vir die ekonomiese gesondheid van 'n beskaafde land is die stabiliteit van sy geldwaarde, en 'n regering het slegs in buitengewone, benarde omstandighede, wanneer b.v. groot oorlogsgevaar dreig, die reg om hierdie allerbelangrikste grondbeginsel aan te tas. Die waarde van alle

geld berus uiteindelik op die werklike markprys van die edelmetaal waarvan dit gemaak is, en as 'n regering of 'n bank papiergeld uitgee, dan behou dit die waarde wat daarop gedruk staan, solank soos die publiek die vertrouwe het dat dit teen dié waarde vir klinkende munt kan verruil word. Dis op slot van sake 'n kwessie van krediet, en ons sal ons herinner dat by die eerste uitgifte van kartonriksdaalders in die jare '80 van die agtiende eeu die krediet van die Oosindiese Kompanjie nog so goed was, dat hulle nie gedepresiëer het nie, maar dat tien jaar later, toe die bankrotskap van die groot handelsliggaam duidelik sigbaar was, die Kaapse geld minderwaardig geword het.

Die waardevermindering van papiergeld is intussen des te gevaarliker, omdat dit ongemerk begin en nie maklik gemeet kan word nie. Gewoonlik vind depresiasie plaas, wanneer die hoeveelheid papiergeld in 'n land vinnig en aansienlik vermeerder word. As die pryse van alles, die sogenaamde lewenskoste, dan ook dadelik begin te styg, dan kan ons met taamlike sekerheid sê dat die groot addisionele uitgifte van papiergeld sy waarde verminder het; maar die pryse van brood, vleis, klere en ander lewensbehoefte wissel ook van tyd tot tyd onder 'n vaste geldkoers, en hierdie feit maak dit vir die groot publiek moeilik om presies agter te kom, of die duurte algemeen en die gevolg van 'n verslegting van die geld is. Die maklikste manier om hieromtrent sekerheid te kry is natuurlik om die papiergeld teen klinkende munt in te wissel, maar nou vind ons dat waar papiergeld in groot hoeveelhede in omloop is, die goudmunte (vroeër ook die silwermunte) feitlik verdwyn en die ewe-genoemde vergelykingsmetode kan derhalwe nie aangewend word nie. Die saak is egter nie heeltemal hopeloos nie. 'n Land koop en verkoop van en aan ander lande, en uit sulke handelsbetrokkings ontstaan 'n gedurige onderlinge vergelyking van geldwaardes. Hierdie vergelyking word uitgedruk in wat genoem word die wisselkoers. In die eerste Engelse tydperk was Engeland natuurlik dié land, waarmee Suid-Afrika ekonomiese betrekkinge had, en die verkoop van Engelse wissels aan die Kaap, d.w.s. van Engelse skuldbewyse wat in Engeland in Engelse geld betaalbaar was, het van tyd tot tyd aangetoon, hoe ver benede sy oorspronklike waarde van 48 stuivers of 4/- die riksdaler gedaal het. Groot hoeveelhede van sulke wissels is na Suid-Afrika gestuur, want die Britse regering moes vir die onderhoud van sy groot leër- en vlootmag hier betaal, en die Kaapse importeurs het graag die wissels opgekoop om daarmee hulle verpligtinge in Engeland na te

kom. So is albei kante dan gehelp: die Britse outoriteite het vir hulle wissels aan die Kaap kontantgeld gekry, en die Kape-naars kon voortgaan om uit Engeland artikels te bestel.

By die opveiling van Engelse wissels in Kaapstad het weldra geblyk dat 'n Kaapse handelaar meer as vyf riksdalers vir 'n Engelse pond moes betaal, en baie mense het destyds oor die algemene duurte in die land gekla. Uit hierdie twee feite kan ons aflei dat die Kaapse geld gedepresiëer was. Nou weet ons egter dat dit reeds vóór die koms van die Engelse die geval was, en die vraag is dus: of daar onder hulle bewind verdere depresiasie plaasgevind het. Die waarskynlikheid is dat dit wel gebeur het, want lord Macartney het eindelijk, om die styging van die wisselkoers teen die Kaap te keer, die ruilprys op ses riksdalers vir één Engelse pond vasgestel. Moet die Engelse outoriteite vir hierdie depresiasie verantwoordelik gehou word? Ons antwoord is dat dit gewaagd sou wees om dit kortweg te beweer, maar dat die Kaapse regering in die Engelse tyd wel stappe gedaan het wat tot depresiasie kon lei. Ons dink hierby nie aan die poging van Yonge om groot stukke regeringsgrond, die dekking van die papiergeld, weg te gee nie, want hy is nie toegelaat om sy plan deur te voer nie, en buitendien kan grondbesit nie as 'n behoorlike garansie in so 'n geval beskou word, aangesien 'n mens nie sy papiergeld in die algemene praktyk daarvoor kan of wil uitruil nie, en grond boonop ook geen vaste waarde het nie. Van direkte belang is egter hier die feit dat die Engelse bevelvoerders die hoeveelheid papiergeld van 1,291,000 tot 1,786,000 rds. vermeerder het. Craig het hiermee begin. Die graanoeste van 1796-7 was baie swak, en uit vrees dat sy graanvoorraad vir die garnisoen en die skepe skrap sou word, het hy 250,000 nuwe riksdalers gedruk en daarmee die regeringskure vol graan probeer maak. Dit kom hierop neer dat hy die genoemde som vir Britse imperiale doeleindes van die koloniste renteloos geleen het, en hy en sy opvolgers het dit ook so opgevat, want by die teruggawe van die Kaap aan Nederland is die skuld erken, en aan die nuwe regering is Britse oorlogsmateriaal ens. tot 'n waarde van 250,000 riksdalers oorgedra, onder die voorwaarde dat die Bataafse outoriteite die versuim van hulle Engelse voorgangers sou regmaak en 'n kwartmiljoen riksdalers sou vernietig. Gedurende die eerste Engelse tydperk is dan nog 'n addisionele 245,000 papier riksdalers in omloop gebring. 'n Deel daarvan is vir munisipale verbeterings in Kaapstad aangewend, en die res is deur die Leningsbank op verbande aan die koloniste teen rente uitgeleen. Op grond van die feit dat hierdie laaste

twee uitgiftes albei in belang van die koloniste was, het die Engelse outoriteite in 1803 natuurlik nie daaraan gedink om ook daarvoor ware agter te laat nie. Dis egter 'n interessante vraag, of hulle hul billikerwyse so maklik van hierdie verpligting kon losmaak. As die daling in die waarde van die Kaapse geld die gevolg was van die vermeerdering van die papiergeld met 495,000 riksdalers, dan moet die Engelse bevelvoerders verantwoordelik gehou word vir maatreëls, wat vir Suid-Afrika baie skadelik en vir die Britse regering baie voordelig was. Barrow bereken dat die Britse regering as gevolg van die wisselkoers by die aankoop van benodighede aan die Kaap vir sy troepe en skepe £153,000 bespaar het, en hy as ouditeur-generaal was natuurlik goed op die hoogte. Dit sou onbillik wees om te beweer dat die Engelse bevelvoerders aan die Kaap hulle belofte om die papierriksdalers se waarde te handhaaf bewus verbreek het, en Macartney se vasstelling op $\frac{3}{4}$ het waarskynlik 'n verbetering op die jaar 1794 beteken, maar hulle geldpolitiek was seker nie onberispelik nie. Uit die standpunt van hulle tyd beskou, maak dit egter nie 'n slegte indruk nie, en Macartney se poging tot stabilisasie het in elk geval baie gunstig afgesteek by die sorglose onbekommerdheid van die sterwende Oos-Indiese Kompanjie.

(2) Die binnelandse vryhandel is in sover verwesenlik, dat die monopolies van die ou régime verdwyn het, maar dit het nie beteken dat die koloniste nou 'n vry mark in Kaapstad gekry het nie. Droogtes het die graanproduksie laat inkrimp, en die oostelike onluste het die veetoevoer verminder. Die gevolg hiervan was 'n groot styging in die prys van koring en vleis, maar Craig en sy opvolgers was net so onwillig soos die Oos-Indiese Kompanjie om die koloniste toe te laat om te veel voordeel hieruit te trek, en hulle het op die ou manier die boere gedwing om teen vasgestelde pryse van hulle opbrengs aan die regering te verkoop. Hulle het, om 'n moderne uitdrukking te gebruik, die produkte van die boere gekommandeer, en as iemand weier om sy goed te lewer, is dragonders by hom ingekwartier. Volgens ou gebruik is die pryse in oorleg met die burgerlike verteenwoordigers, nou die Burger-Senaat, bepaal.

Onder Craig is die handel met die buiteland tot Engelse skepe beperk, en die stelsel van die Oos-Indiese Kompanjie om in- en uitvoerbelasting teen 5% van die waarde van 'n artikel te hef is voortgesit. Macartney het hierin veranderings aangebring. Die invoer van Britse ware in Britse skepe was vry van belasting; vir ware uit vreemde lande in Britse skepe is dit op

5% gehou; en vir vreemde ware op vreemde skepe 10%. Die belangrikste artikel wat in vreemde skepe uit nie-Britse gebiede in hierdie tyd ingevoer is, was slawe.

(3) In verband met die belastingspolitiek van die nuwe regering kan ons slegs herinner aan wat reeds daarvoor gesê is. Craig, Macartney en Dundas het die Kapitulatie-voorwaarde nagekom en die bestaande belastingstelsel onveranderd gelaat. Yonge het die nuwe belasting ingevoer en is daarvoor deur die Britse regering op die vingers getik.

(4) Oor die algemeen het die ekonomiese politiek van die Engelse regering aan die Kaap dus nie baie van die van die Oos-Indiese Kompanjie verskil nie, maar die ekonomiese lewe van 'n volk, nes trouens sy kulturele lewe, is op slot van sake veel minder afhanklik van regeringsmaatreëls as wat baie mense dink. Ons het keer op keer gesien hoe die Kaap van tyd tot tyd onder die Oos-Indiese Kompanjie met periodes van materiële voorspoed gesien is. Was die eerste Engelse tydperk so 'n periode? Dit sou vreemd wees as dit nie die geval gewees het nie, want die eerste vereiste, 'n goeie mark, was weer voorhande. Die groot garnisoen, wat somtyds tot 7,000 man gestyg het, en die aansienlike skeepsverkeer het al dadelik 'n onversadigbare afsetgebied vir die boer geskep. Craig het 'n groot opgehoopde koringsurplus in die regeringskure hier aangetref, en 'n deel daarvan het hy na Engeland verskep. Dit was 'n fout, want die volgende oeste was baie skraal, en ons weet hoe hy eindelik met 'n tekort aan graan moes sukkel. Ons weet ook dat die navraag vir vleis die aanbod oortref het. Alleen die wynboere kon nie altyd hulle produk so maklik van die hand sit nie; maar ook in hulle geval was die tyd van groot onverkoopte surplusse weer verby.

Hierdie pragtige mark sou ongetwyfeld 'n baie hoë peil van voorspoed onder die koloniste veroorsaak het, maar ongelukkig het droogtes, binnelandse woeling en sprinkane die kause van die graanbouers en die veeboere vir 'n groot deel weer bederwe. Oor die algemeen egter was die koloniste in hierdie tyd veel welvarender as gedurende die laaste jare van die Kompanjie se bewind. Die toename van die Kaapse regeringsinkomstes, wat van 1795 tot 1799, sonder addisionele belastinge, meer as verdubbel is, bewys dit. Ons mag dus die slotsom trek dat die Kaap onder die Engelse 'n ekonomiese bloeiperiode, vergelykbaar met vroeëre soortgelyke periodes, deurgemaak het; maar baie vet was die sewe jaar ook nie, en in hulle was, ewe min as vroeër, waarborge vir die toekomst sigbaar. 'n Vermindering van die garnisoen en die wegbly van groot oorlogsvlote

kon maklik weer die ou kronies-terugkerende *misère* inlei. Barrow het dit gevrees. Hy sê: „It appears then, that five-sixths of the trade of the Cape of Good Hope has been occasioned by the consumption of the garrison and the navy; and consequently, that unless a very considerable garrison be constantly stationed there, or some other channel be opened for the export of their produce, the colonists, by having increased their capital in the days of prosperity and especially of slaves, will rapidly sink into a state of poverty much greater than that they were in at the capture of the Colony.” Ons sal sien dat hy tog te pessimisties was; maar dit is interessant om uit Barrow se eie woorde ’n bewys te kry vir ons opvatting, nl. dat die eerste Engelse tydperk, ekonomies beskou, weinig nuuts oplewer en met die periode, 1781—1791, of met die regeringsjare van Ryk Tulbagh moet vergelyk word.

§ 7. Die Teruggawe.

As ons die hele politieke en ekonomiese ontwikkeling van die Kaap in hierdie tyd nagaan, kan ons begryp dat die groot meerderheid van die koloniste „Vaderlandsgesind” gebly en met vreugde verneem het dat die vlag van Nederland weer oor die Kasteel sou waai. Aan twee verbeterings, deur die Engelse ingevoer, kan hier in die verbygaan nog herinner word: In 1798 is die eerste poskantoor in Kaapstad ingerig, en waar private persone vroeër per guns en geleentheid briewe na Europa gestuur en van daar pos ontvang het, was daar nou ’n regeringsdepartement wat onder ’n vaste tarief daarvoor gesorg het. Vir die binnelandse posverkeer is egter geen voorsiening deur die regering gemaak nie. In Augustus 1800 het die eerste Suid-Afrikaanse blad, die *Cape Town Gazette and African Advertiser*, begin verskyn. Twee Engelse handelaars aan die Kaap het die reg van Macartney gekry om dit weekliks uit te gee, en dit was die orgaan waarin naas algemene nuus, meestal van kommersiële aard, ook proklamasies bekend gemaak is. In 1801 het die regering die hele besigheid oorgeneem, en ons teenswoordige offisiële *Gazette* of Regeringskoerant is die direkte voortsetting van hierdie publikasie. Albei hierdie verbeterings het natuurlik met verloop van tyd baie belangrike gevolge gehad, en hulle toon aan dat die samelewing in die Kolonie aan die end van die agtiende eeu nuwe maatskaplike inrigtings nodig had, maar die genoemde innowasies was natuurlik van weinig betekenis vir die bewoners van die binneland, en hulle het seker

nie die koloniste in die algemeen meer aanhanklik aan Engeland gemaak nie.

In Oktober 1801 het Frankryk, Engeland en hulle bondgenote 'n vrede gesluit wat op 28 Maart 1802 in Amiens finaal onderteken is. Volgens hierdie verdrag moes al die besittings van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie, met die uitsondering van Seilon, aan die Bataafse Republiek teruggegee word, en op 23 Desember 1802 het kommissaris De Mist en goewerneur Janssens Tafelbaai ingeseil. Met generaal Dundas is toe ooreengekom dat die oorgawe van die Kaap op 1 Januarie 1803 sou plaasvind. Op Oujaarsdag verskyn egter 'n Engelse oorlogsvaartuig met 'n bevel van die Britse regering om die oorgawe uit te stel. Dit was 'n ongelukkige voorval, die gevolg van diplomatieuse wrywing tussen Napoleon en die Engelse ministerie, en kon maklik tot 'n botsing hier gelei het. De Mist se militêre mag was egter nog nie voltallig nie, en hy en Dundas was albei verstandig genoeg om sake nie tot die uiterste te drywe nie. De Mist het formeel geprotesteer, die Engelse het in besit van die forte gebly, en die 1,300 Bataafse troepe wat geland was, is in hulle kamp by Rôndebos gelaat. Op 19 Februarie 1803 kom gelukkig 'n tweede Engelse oorlogskip met die vriendelike naam, *Concord*, in Tafelbaai aan, en Dundas ontvang daarmee instruksies om die Kaap onmiddellik oor te gee. Alles was daarvoor klaar, en op 21 Februarie 1803 is die driekleur van die Bataafse Republiek op die Kasteel gehys en deur al die skepe in die baai begroet. Kort hierna het generaal Dundas met sy manskappe en beamptes die Kaap verlaat, en 'n aantal Anglomanne, wat nie onder die Bataafse Republiek, 'n skepping van die gehate rewolusie-gees, wou staan nie, het hulle na Engeland vooruitgegaan of vergesel. Onder hierdie mense tref ons aan ds. Michiel Vos, Bresler, en, les bes, vir Honoratus Maynier, van wie ons gelukkig hier kan afskeid neem.

HOOFSTUK IV.

DIE BATAAFSE TYDPERK.

§ 1. Die Opdrag van De Mist.

Teen die end van die jaar 1801, toe die algemene vrede in sig was, het die regering van die Bataafse Republiek voorbereidsels begin tref om die ou koloniale besit van Nederland in ontvangs te neem en te administreer, en die Asiatiese Raad, d.w.s. die regeringskommissie wat met die oosterse aangeleenthede belas was, het 'n lang departementele skrifstuk laat opstel „omtrent den voet en wijze, waarop de Regeering van de Caap de Goede Hoop eventueel zal behooren te worden ingericht.” Hierdie sogenaamde *Memorie* was veral die werk van 'n baie bekwame beampte in die *Departement tot de Indische Zaaken*, advokaat De Mist, en die Bataafse gesagvoerders was so in hulle skik daarmee, dat hulle al sy aanbevelings onderskryf en hom tot kommissaris benoem het om die nuwe goewerneur, generaal Janssens, na Suid-Afrika te vergesel en sy eie planne daar uit te voer.

Die *Memorie* van De Mist verdien ons besondere aandag, omdat dit 'n totaal nuwe periode in die Nederlandse koloniale geskiedenis vir Suid-Afrika aankondig, en omdat dit die basis was van die Bataafse bewind aan die Kaap. As ons dit deurlees, dan sien ons duidelik wat De Mist en Janssens hier wou kom doen, en dit word daarna 'n betreklik eenvoudige saak om na te gaan, in hoever hulle hul planne verwesenlik en gewysig het.

Tot verduideliking van die *Memorie* moet ons vooraf op 'n paar punte in verband daarmee opmerkzaam maak. Toe De Mist dit opgestel het, was hy nog nie in Suid-Afrika gewees nie. Hy het dus sy stof uit offisiële stukke, mondelinge mededeling en reisbeskrywings geput, en hy erken self dat Barrow in baie opsigte sy vertroude gids was. Dit verklaar die wonderlike foute wat hy somtyds begaan, maar sy sentimentele bewondering en bejammering van die Suid-Afrikaanse natuurle was ook die gevolg van die filosofiese idees wat hy, so te sê, orals

rondom hom ingeasem het. Hy was 'n liberale man, en die leringe van Rousseau en sy disiepels het nog altyd veel invloed onder die liberale kringe in Europa uitgeoefen. Uit De Mist se noue voeling met hierdie kringe en hulle gedagte-wêreld is dan ook verder begryplik: sy minagting vir wat histories ont-wikkel het, sy vaste geloof dat *redelike* wette 'n redmiddel teen alle maatskaplike euwels is, en sy rewolusionêre drang om alles „als het ware door eenen elektrischen slag” te verbeter. Maar De Mist was geen bewonderaar van anargie nie. Die Franse skrikbewind het mense in Europa tot besinning gebring, en Napoleon het getoon, hoe 'n sterk, vakkundige administrasie, waarmee die „soewereine volk” nie gedurig kon peuter nie, 'n land kan gesond maak. Vandaar De Mist se wens om in Suid-Afrika 'n goeie en *sterk* regering in te rig. Konstitusioneel-liberaal, soos ons vandag die begrip opvat, was hy nie.

De Mist begin met 'n historiese oorsig van die groei van die Kaapse volkplanting, en die Oos-Indiese Kompanjie met sy ver-stokte neiging om die Kaap slegs as 'n „seeherberg” vir sy vlote te beskou en met sy monopolistiese verkragting van die vry ekonomiese verkeer in 'n land wat tog 'n egte kolonie geword het, vind natuurlik geen genade in sy oë nie. De Mist hoef gelukkig nie, soos Voltaire, met 'n *écrasez l' infame* vir die vernietiging van die Kompanjie te pleit nie, want die sondebok was dood, maar hy wil die verkeerde bestuurlike en kommersiële grondbeginsels, wat soveel onheil en swakheid aan die Kaap ver-oorzaak het, totaal uitroei en 'n heeltetal nuwe regeringstelsel, wat die welsyn van die koloniste tot uitgangspunt sal hê, daar invoer. „De ingezetenen,” sê hy, „hebben 't recht om eene Regeering over zich te vorderen, die hen niet altyd en alleen ten voordele van een derde maar voornamentlijk en in de eerste plaats naar vaste, beschreeven en billijke wetten ter bevordering van hun eigen welvaart bestuurt.” Dan, meen hy, sal die toe-stand van „morrende ontevredenheid,” waarin Nederburgh en Frijkenius die koloniste aangetref het, verdwyn, en dit sal nie meer nodig wees om oor hulle opstandigheid en rewolusionêre dade te kla nie. „Wij verfoeien,” so gaan hy voort, „die daaden ten hoogsten, maar het is de plicht van een billijk bestuur de oorzaaken van zulk een algemeen volksmisnoegen, en daarna de noodwendige gevolgen dier oorzaaken menschkundig te be-oordeelen, eer het een overhaast vonnis strijke. Eene geheele Maatschappij is nimmer ontevreden, of er zijn redenen voor dit misnoegen aanwezig. Men maake die Maatschappij eerst ge-lukkig door goede en billijke wetten en inrichtingen en straffe dan de overtreeders! *Rixarum author non est, qui ira aliquid*

D

facit sed qui irae causam dat. (Nie hy wat in gramskap iets doen nie, maar hy wat dié gramskap verwek, is die bron van onluste)."

Die nuwe regering moes, volgens die *Memorie*, as volg ingerig word: Die oppergesag berus, wat wetgewing en administrasie betref, by 'n goewerneur en 'n raad van vier addisionele lede. Die Nederlandse regering benoem al hierdie hoogste beamptes, maar twee van die vier raadslede sal koloniste wees, wat minstens tien jaar in Suid-Afrika gewoon het. Die administrasie word in vier departemente verdeel, (1) vir landbou, vee-teelt en ander binnelandse aangeleenthede; (2) vir finansies; (3) vir handel; (4) vir skeepvaart en vissery, en tot hoof van elke afdeling word 'n raadslid benoem, wat hom met die sake van sy departement moet vertrouwd maak. Aan dié vakkundige hoogste regeringsliggaam is ook 'n sekretaris geheg, maar sy aanstelling, soos dié van die ander ondergeskikte beamptes, berus by die goewerneur en sy raad, wat egter aan die Asiatiese Raad verantwoordig skuldig bly. Die goewerneur kry 'n salaris van 50,000 guldens per jaar (1 gulden = 20 stuivers) met 'n vry huis, maar geen addisionele emolumente nie, en ook sy ondergeskiktes sal duidelik vasgestelde salarisse ontvang. Die uitvoerende en wetgewende magte van die Kaapse regering berus, soos gesê, by die goewerneur en sy raad, maar die regspraak word heeltemal daarvan afgeskei en aan 'n Raad van Justiesie opgedra. Dit sal bestaan uit 'n president, 'n prokureur-generaal, ses addisionele lede en 'n sekretaris. Almal ontvang vaste salarisse, en die Bataafse regering stel hulle aan. Drie van die lede moet koloniste wees; die res vakkundige, Nederlandse regsgeleerdes. Die appèl na die Raad van Justiesie in Batavia word afgeskaf, want die Indiese regering het geen seggenskap meer in Suid-Afrika nie, en die hoogste appèlhof is die Nasionale Geregshof in Nederland.

Onder hierdie twee afgeskeie gesagvoerende liggame, die Goewerneur en sy Raad en die Raad van Justiesie, sorteer dan verskillende ondergeskikte inrigtings, almal ou instellings wat egter in belangrike opsigte gewysig moet word. In Kaapstad moet 'n Gemeenteraad tot stand kom, wat geensins as 'n voortsetting van die ou Kollegie van Burgerrade moet beskou word nie, want dit sal alleen met die munisipale administrasie van die Kaapse distrik belas wees, en sal nie die bevoegdheid besit om die koloniste in die algemeen by die sentrale regering te verteenwoordig nie. Die lede van die Gemeenteraad word deur die belastingbetalers gekies en kry geen besoldiging nie. Die aantal buitelandse distrikte moet vermeerder word; die ou name moet

DIE BATAAFSE TYDPERK.

verdwyn, en die nuwe afdelinge, eweredig afgebaken volgens die hoeveelheid vrugbare grond en water, moet liefs met „nummers 1, 2, 3, enz.” betitel word. (Hier het ons die toppunt van De Mist se onhistoriese rasionalisme!). Die lokale bestuur van elke distrik word opgedra aan 'n balju, — dié benaming is verkiesliker as *landdros*, — en vier of ses heemrade, wat naas hulle administratiewe werk ook geskille kan besleg. Hulle bevoegdhede en pligte sal egter eers na ondersoek in Suid-Afrika duidelik kan bepaal word, want „het is zeer mooglijk en zelf zeer waarschijnlijk — en dit moet ligtelijk verschooning verdienen — dat men in veele hier opgegeeven punten kan dwaalen.” Van belang is verder dat die sentrale regeringsraad jaarliks kommissarisse sal uitstuur om die land te deurreis, die werk van die distriksbesture te kontroleer en daaroor, asook oor ander sake, te rapporteer.

Hierdie konstitusionele skema, waarvan ons slegs die hoofpunte aanhaal, word dan nog aangevul met 'n menigte voorstelle van allerlei aard. Die spreek van self dat die binnelandse handel van alle bande onthef moet word, en wat die ekonomiese verkeer met die binneland betref, moet daar ook veel meer vryheid as vroeër wees; die koloniste moet b.v. die reg hê om in hulle eie skepe handel te drywe; maar dié skepe moet in Nederland (of Suid-Afrika) gebou wees, en aangesien die Kaap 'n kolonie van Nederland is, moet die Kaapse grondstowwe na Nederland gaan en die koloniste gefabriseerde ware van daar kry. Hulle moet tevrede wees dat die Nederlanders aan hulle sê: „Wij zullen u beschermen en helpen, mids gij uwe producten aan onze markt brengt en onze schepen van nooddrufft voorziet.”

Landbou en veeteelt moet aangehelp en geïntensiveer word, o.a. deur die uitgee van kleiner plase in eiendom en hulle afbakening met boomheinings, gragte, slote of walle! Ook die verbetering van die binnelandse verkeersweë en 'n uitgebreide gebruik van die vervoer per water sal nuwe ekonomiese moontlikhede skep. „Welk een binnelandsche scheepvaart moet daaruit (die groot opbrings van die distrikte) niet geboren worden, wanneer men die maar ongedwongen toelaat”!! Die koloniste moet meer kerke en veel meer en beter skole kry. Dit is 'n hoofsaak en verdien die ernstigste aandag van die Kaapse regering. Deur die opvoeding sal die verwilderde boere van die binneland, wat vir die naturelle so onmenslik wreed behandel, langamerhand tot reggeaarde beskaafde mense herskep word, want ook aan hierdie skandelige toestand moet 'n end kom. „Waarmede,” roep De Mist in verontwaardiging uit, „hadden die goede lieden (die naturelle) verdiend de vervol-

b2